AFDELING C.

DIE OPVOEDKUNDIGE WERK VAN DIE NUWE REGERING in JOHANNESBURG.

1903 - 1920.

HOOFSTUK VI.

ONDERWYS TYDENS DIE KROONKOLONIE-PERIODE, 1902 - 1907.

1. Transvaalse Onderwysdepartement.

(a) Opvoedingswerk in Johannesburg voor die Stigting van 'n Onderwysdepartement.

Na die verdwyning van die Republikeinse invloed in Johannesburg na sy verowering, het E.B. Sargant in Desember 1900 'n besoek aan die stad afgelê om reëlings met John Robinson te tref, wat tydelik deur die „Council of Education" geleen is om 'n stelsel van onderwys op die Witwatersrand te organiseer.(1) Die grootste moeilikheid waarmee die here te kampe gehad het, was 'n tekort aan behoorlike geboue. Die enigste twee geboue wat vir skole geskik was, was die van die vroeëre staatskole op Vrededorp en Markstraat.(2) Die Onderwysdepartement het leë winkels gehuur, kerkgeboue oorgeneem en hulle met banke toegerus, sodat hulle aan die eise van 'n skool sou voldoen. 'n Tekort aan materiaal wat maande geduur het, het die vooruitgang gestrem.(3) Robinson het hard gewerk, met die gevolg dat skole in die verskillende voorstede met verdrag gestig is en 'n stelsel van onderwys vir leerlinge in Johannesburg stadig opgebou is.

Die belangrikste van die skole in Johannesburg is die wat op Vrededorp gestig is. Hier is 'n skool onder die beheer van 'n Deen, D. Brink, gevind wat die skool uit liefde vir die onderwyssaak aan die lewe gehou het.

Die/

---

(1) Star, 19 Februarie 1902.

(2) Die staatskole waarvan A.W. Rakers en J. van Bruggen hoofde was.

(3) Star, 19 Februarie 1902.

Die waardering van „The Star" is duidelik: „Their (mnr. Brink en sy assistente) self imposed task had the twofold effect of imparting instruction and preventing the little ones, at a time when very little attention could be bestowed on them under the parental roof, from becoming useless waifs and adding to the ranks of the flotsam and jetsam of the community."(1)

Sargant was tevrede en bly oor die poging van Brink en het besluit dat die eerste skool wat in Johannesburg geopen sou word, die Vrededorpskool sou wees.(2) Op 25 Februarie 1901 is die skool geopen en gedurende die eerste ses maande is 850 kinders toegelaat waarvan vyf-en-negentig persent Hollandssprekend was.(3) Die grootste aantal wat die skool op enige dag besoek het, was 572, wat op 10 Mei 1901 ingeskryf was.(4) Toe ander skole in die naburige voorstede geopen is, het die getal gedaal terwyl ongeveer 80 van die leerlinge in Johannesburg in diens geneem is.(5) Aan die einde van September het 467 leerlinge die skool bygewoon, waarvan net 42 van Engelse afkoms was.

Die skoolbesoek is deur kinders belemmer wat rantsoene moes gaan haal, deur siekte, werk wat by die huis verrig moes word, ens.

Die leerplanne wat in die skool gevolg is, was die van die „School Board of London". In rekene was die leerlinge een standerd verder gevorder as in ander vakke.

Melding/

---

(1) Star, 19 Februarie 1902. (Vermoed dat die artikel deur F.W. Mills, hoof van die Vrededorpskool geskryf is.)

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) Ibid.

(5) Ibid.

Melding is van die vinnige vordering gemaak met die aanleer van die Engelse taal. Ouers het met die opening van die skool gevra dat die kinders Engels moes leer, daar hulle die waarde van die taal as handelstaal in Johannesburg besef het.(1) Die kinders het vinnig gevorder: „They experience no difficulty in thinking in the national tongue of the country."(2)

Die gebou op die Unieterrein wat voorheen as die Cosmopolitan-parkskool van die heer Berg bekend gestaan het, is vergroot en het net soos die skool in Vrededorp vooruitgegaan. Van die agtien skole, insluitende die kampskole op die Witwatersrand, het vyftien hul tuiste in Johannesburg gehad.(3) Hulle is:

	Gemiddelde aantal leerlinge	Gemiddelde Skoolbesoek	Persentasie Skoolbesoek
Booysens	219	217.8	99.4
Cleveland	115	114.2	99.3
Union Grounds	148	146.4	98.9
City and Suburban	99	87	98.8
Fordsburg	359	353.4	98.4
Bult	140	126.7	90.5
Jeppestown	307	277	90.2
Pollystraat	101	90.8	89.9
Reisiesbaan (Kampskool)	875	777.4	88.8
Spes Bona	198	174	87.8
Vrededorp	514	430.7	83.7
Markstraat	198	153.4	77.4
Bertramstown	150	109.4	72.9

Die hoë persentasie leerlinge wat die skole gereeld bywoon, word toegeskryf aan die wense van die ouers om ten volle gebruik te maak van die onderwysfasiliteite wat geskep is: „The true Boer values education highly, regards is as something above politics."(4)

Reëlings/

---

(1) Star, 19 Februarie 1902. (Vermoed dat die artikel deur F.W. Mills, hoof van die Vrededorpskool geskryf is).

(2) Star, 19 Februarie 1902. Ek onderstreep. Engels en nie meer Hollands is nou die landstaal.

(3) Onderstaande syfers is vir die eerste week in Februarie 1902 weergegee deur die Star, 19 Februarie 1902.

(4) Star, 19 Februarie 1902.

Reëlings is getref om 'n seunshoërskool in die lewe te roep, terwyl die „Cleveland High School for Girls" onder die beheer van mej. F. Buckland in 1901 heropen is.(1)

Die werk wat in Johannesburg sedert Desember 1900, d.w.s. veertien maande verrig is, was groot, as in aanmerking geneem word dat vyftien skole gestig is, met die uitsondering van die van mej. Buckland. Al die skole, behalwe die van mej. Buckland, het gratis onderrig verskaf. Die skool het as 'n vryskool begin, maar toe dit in 'n meisieshoërskool van die begin van 1902 omgeskep is, is skoolgelde op drie ghienies per kwartaal vasgestel.(2) 'n Aanduiding van die aanvraag vir 'n meisieshoërskool is deur die feit bewys dat, alhoewel skoolgelde betaalbaar was, meer leerlinge die skool bygewoon het as toe dit 'n vry skool was.

(b) Stigting van die Transvaalse Onderwysdepartement.

Met die ondergang van die Republiek het die onderwyswet van dr. Mansvelt ook verdwyn. 'n Nuwe wet wat 'n onderwysdepartement in die lewe geroep het, om die opvoedkundige werk van die Transvaal voort te sit, was nodig. Tydens die oorlog kon Sargant nie sy tyd aan die wetsontwerp bestee nie, maar met die einde van die oorlog het hy sy aandag op die werk toegespits.(3) Met die opstel van 'n nuwe onderwyswet het Sargant van sekere grondbeginsels uitgegaan. Onder andere was daar 'n behoefte aan die ontwikkeling van 'n vrye, nie-sektariese en nieverpligte stelsel van goewermentskole, veral laerskole,(4)

vir/

---

(1) a. Star, 19 Februarie 1901.
b. König: Seven Builders of Johannesburg, 82 - 83.

(2) Ibid.

(3) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 75.

(4) Ordinances 1903, 128: Ordinance No. 7 van 1903, par. 1(b).

vir kinders van blanke afkoms, asook die stigting onder goewermentsbeheer van hoër- en normaalskole en van tegniese skole as voorbereiding vir 'n doserende universiteit.(1) Verder was dit noodsaaklik dat daar samewerking tussen die kerke en die staat sou wees in verband met godsdiens-onderwys op skole.(2) Elke blanke kind moes van staats-weë ondersteuning vir onderwys kon ontvang, en daar moes voorsiening vir beurse vir buitengewoon knap leerlinge gemaak word.(3) Van plaaslike outoriteite is verwag om met die finansiering van skole saam te werk.(4) Reëlings sou vir die eksamens getref word.(5)

Sargant het sy konsepwet teen die einde van 1902 voltooi en op 25 Februarie 1903 is dit deur die Wetgewende Raad van die Transvaalse Kolonie goedgekeur.

(c) Laer Onderwys in Johannesburg.

(i) Administrasie. Aan die begin van 1903 is die takkantoor van die Transvaalse Onderwysdepartement in Johannesburg onder die beheer van die Superintendent van Johannesburg en Randse skole geplaas, deur vyf klerke bygestaan.(6) Die werk van die Superintendent kan beskryf word as om die aanvraag vir onderwys in die gebied onder sy beheer te prikkel; reëlings vir die stigting van skole te tref; onderwysers en materiaal te verskaf; te help om die skool vlot van stapel te laat loop en saam met die skoolkommissie te werk; oor die gesondheid van die onder-wysers toesig te hou en as inspekteur op te tree.(7)

Die/

---

(1) Ordinances 1903, 128: Ordinance No. 7 van 1903, par.1(b).

(2) Ibid., par. 1 (c).

(3) Ibid., par. 1 (d).

(4) Ibid., par. 1 (e).

(5) Ibid., par. 1 (f)

(6) Warre Cornish: Progress of Education in the Transvaal since the war. (lesing vir die British Ass., 1905).

(7) Ibid.

Die werk van die Onderwysdepartement het so uitgebrei dat met die uitsondering van die bou van skole die konstruktiewe tydperk aan die begin van 1903 verby was. Die kroonkolonie het ook geldelike moeilikhede ondervind, sodat daar besnoeiing in die personeel van die verskillende staatsdepartemente moes volg. Die besnoeiing het nie alleen die ondernemingsgees gedemp nie, maar ook werksaamhede verminder, maar het die gevolg meegebring dat die onkoste van die administrasie van die Transvaal verminder is.(1) Vanaf die einde van 1905 sou die betrekking van Superintendent van Johannesburg en Randse skole nie meer bestaan nie, en in Johannesburg sou net 'n hulp vir die inspekteur en een klerk aangehou word.(2) Johannesburg is van die tyd af vanuit Pretoria beheer. Die werk wat die inspekteur moes verrig, was meer van administratiewe aard en die skole het maar min interne toesig gekry.(3) Daar het onmiddellik die behoefte aan 'n plaaslike raad bestaan, sodat die inspekteur sy gewone pligte kon vervul.(4) vervul.(4)

(ii) Die Keuse van Skooldistrikte. In Johannesburg is die stad in skoolgebiede verdeel, elkeen waarvan van 'n skool voorsien is of voorsien sou word. Die bevolking van Johannesburg kon nie as stabiel beskou word nie en dit het probleme geskep. 'n Voorstedelike stadsgebied van vyfhonderd inwoners kon ses maande na die verkoop van standplase op 'n vendusie geskep word. Gevolglik het daar onmiddellik 'n aanvraag vir 'n skool van naastenby honderd leerlinge ontstaan, wat deur hul vertrek uit ander voorstede

die/

---

(1) Warre Cornish: Progress of Education in the Transvaal since the War.

(2) Ibid., (Robinson wat as Superintendent opgetree het, het 'n betrekking aanvaar aan die Transvaal Technical Institute.)

(3) Ibid.

(4) Ibid.

die getalle in die skole laat daal het. Warre Cornish het die probleem uiteengesit: „In Johannesburg, especially, it is impossible to say what changes may have taken place in the distribution, of population, not only ten or twenty years hence, but even two years hence. There is no saying what immediate transformation may be worked by the extension of the tramway system alone, which is about to take place."(1) Gedurende die vroeë maande van 1905 is Johannesburg deur die Onderwysdepartement in skooldistrikte verdeel en 'n bouskema vir die verskaffing van skole in die distrikte waar hulle nodig is, is opgestel, nadat die sensus-statistieke vir elke nagegaan is.(2) Die mening is uitgespreek dat die bouskema moontlik uit datum sou wees lank voor dit voltooi is, en dat die tekort aan fondse om die skema onmiddellik uit te voer, indirek 'n seën is, want moontlike foute kan sodoende vermy word.(3)

Johannesburg se voorstedelike bevolking het afgehang van die werk wat verskaf kon word. Waar 'n nuwe skag gesink is of waar werk verkry kon word, daarheen het die mense getrek. As daar nie meer werk was nie, is werk elders gesoek met die gevolg dat die huisgesin na 'n ander deel van die stad verhuis het wat naby die broodwinner se werk sou wees.

(iii) Die Oprigting van Skole. Terwyl die oorlog nog geheers het en die aankoms van 'n groter bevolking beheer is, het daar nie 'n groot aanvraag vir skole ontstaan nie. Skoolgeboue van die Republiek is oorgeneem asook twee geboue wat aan die „Council of Education" behoort het. (4) Met die vrede het baie Hollandssprekendes

sowel/

---

(1) Warre Cornish: Progress of Education in the Transvaal since the War.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) Ibid. Die Avenueskool in Braamfontein is vir £2,500 en Jeppestownskool is vir £4,557.0.2 van die Council of Education gekoop.

sowel as ander na Johannesburg teruggekeer,(1) met die gevolg dat voorsiening vir die kinders gemaak moes word. In Johannesburg is van enige gebou gebruik gemaak wat vir 'n skool verkry kon word, want dit het onmoontlik gelyk om met enige sekerheid aan te dui hoe lank die skool staande sou bly. Hoe groot die vermeerdering in die bevolking in Johannesburg sou wees, was ook onseker, dus kon geen vaste reëlings getref word nie.(2) Die voorsiening wat in Johannesburg gemaak is, is in 1905 as onvoldoende beskou: „The new schools built have been filled to overflowing, and the areas within which they have been erected have been found to coincide with the densest centres of population." population."(3)

Met die tekort is planne beraam om tydens die finansiële jaar 1904-5 voldoende skole aan te bou, sodat daar skoolakkommodasie vir almal sou wees. Met die doel waarna gestrewe is, het die Onderwysdepartement ag geslaan op die voorsiening van skole wat opgerig sou moes word met die beweging van die bevolking na nuwe en verder afgeleë voorstede; die vergroting van die huidige skole wat nie voldoende akkommodasie kon verskaf nie; die uit die weg ruim van ongesonde geboue; die oprigting van geboue waar die onbehoorlike oprigting van klaskamers onekonomies van die onderwyspersoneel gebruik maak; die vervanging van sinkgeboue met goeie siersteengeboue, die verskaffing van een gebou vir 'n skool waar nodig en die vervanging van geboue waarop 'n hoë huur betaal moes word.(4) Van die

begin/

---

(1) Star, 2 Januarie 1902. Opskrif: The Renaissance, New Johannesburg. Refugees returning. The Dawn of Prosperity.

(2) Warre Cornish: Progress of Education in the Transvaal since the War.

(3) Ibid.

(4) Ibid.

begin van die oorname van die nuwe Regering tot aan die einde van die finansiële jaar, 1904 - 1905, is die volgende geboue in Johannesburg deur die Onderwysdepartement verskaf:(1)

	Finansiële jaar.	Skool	Uitgawe
1	1901 - 2	Aankoop Cleveland High School	£ 4,500. 0. 0
2	1901 - 2	Addisionele klaskamer Union Groundskool	426. 4. 6
3	1902 - 3	Aankoop Jeppestown High School	4,557. 0. 2
		Aankoop Avenueskool	2,500. 0. 0
4	1902 - 3	Oprigting van sinkgebou vir Girl's High School, Johannesburg (2)	1,060.19. 5
5	1902 - 3	Oprigting van sinkgebou vir Albertsville	767. 2. 2
6	1902 - 3	Oprigting van Fordsburg Kindergarten	941.10. 0
7	1902 - 3	Aankoop van Jeppestown gebou	352.16. 3
8	1903 - 4	Oprigting van Laerskool, Troyeville	1,387. 6. 0
9	1904 - 5	Oprigting van Jeppestown Laerskool vir 500 leerlinge	17,132.16. 8
10	1904 - 5	Oprigting van Mayfair Laerskool vir 500 leerlinge	17,132.16. 8
11	1904 - 5	Oprigting van Bertrams Laerskool vir 500 leerlinge	17,132.16. 8
12	1904 - 5	Oprigting van sinkgebou, Rosettenville vir 250 leerlinge	2,087. 0. 0
13	1903 - 4	Oprigting van sinkgebou, Turffontein vir 250 leerlinge	2,071.10. 0
14	1903 - 4	Aanskaf van 12 beweegbare klaskamers vir die Rand	5,000. 0. 0
15	1904 - 5	Oprigting van sinkgebou, Norwood	483. 0. 0
16	1904 - 5	Oprigting van sinkgebou, Craighall	495. 0. 0
17	1904 - 5	Melvilleskool	1,150. 0. 0
18	1904 - 5	Vrededorp Laerskool Aanskaf van 3 beweegbare klaskamers	599. 0. 0
19	1904 - 5	Albertsvilleskool Aanskaf van twee beweegbare klaskamers	499. 0. 0

Soos die syfers hierbo aandui, is 'n groot som geld uitgegee om skoolgeriewe vir Johannesburg te verskaf en hieruit kan ook bewys word hoe daadwerklik die Onderwys-

departement/

---

(1) Warre Cornish: Progress of Education in the Transvaal since the War.

(2) Voorheen Cleveland High School.

departement opgetree het om voorsiening vir skole in al die voorstede te maak. Die laerskole het so gegroei dat dit moeilik is om hul groei te volg, want die skole is deur die Onderwysdepartement gestig om in 'n behoefte te voorsien.

(iv) Staatslaerskole in Johannesburg, 1902 - 1907.

Toe die Onderwysdepartement in 1903 behoorlik begin funksioneer het, is planne beraam om alle skoolgaande kinders van onderwys te voorsien. Mnr. Ligertwood, wat Superintendent van Johannesburg en Randskole was, het gevoel dat hy nie kon aandui vir hoeveel kinders onderwysfasiliteite geskep moes word, sonder dat 'n sensus van die digbevolkte dele van die stad geneem word. In Julie 1903 is 'n sensus volgens sy opdrag van Vrededorp geneem, en daar is getoon dat daar sowat 1,600 kinders van skoolgaande ouderdom was wat in die voorstad gewoon het, waarvan net 800 in regeringskole en 250 in private skole onderrig ontvang het. Daar was dus 'n groot aantal leerlinge wat glad nie onderrig ontvang het nie. Die redes waarom die kinders nie skool toe gekom het nie, was hoofsaaklik die armoedige kleding en ook omdat baie van hulle moes werk. Sommige kon geen rede aanvoer waarom hulle nie skool toe gaan nie. Hy glo vas dat die toestande in elkeen van die digbevolkte dele van Johannesburg bestaan.(1) C.A. Acheson, inspekteur van skole, het 'n rapport oor die werk van die laerskole ingedien, en het die mening uitgespreek dat die werk te meganies van aard was. Dit was hoofsaaklik die geval in die laer klasse. Die leerling maak vordering maar dit is: „a blind, unthinking progress, which leaves him without any initiative and without any ambition for experiment or research."(2) Van die laerskole in Johannesburg het

sekeres/

---

(1) Report of the Transvaal Education Department, 1903, 7.
(2) Ibid., 26.

sekeres gevorderde vakke onderrig, soos Latyn, Frans, meetkunde en algebra, die resultate waarvan baie bevredigend was.(1)

Vanaf Januarie tot Junie 1903 is daar £14,699. 6. 1 aan elementêre of laer onderwys in Johannesburg bestee.(2) Aan die end van 1903 was daar negentien laerskole in Johannesburg onder die beheer van die Onderwysdepartement. Hulle is:(3)

	Skool	Gemiddelde Inskrywing	Personeel	Geboue
1	Bertrams	276.6	10	1)Winkel en huis 2)Saal 3)Tent
2	Booysens	217.9	7	1)Skoolgebou 2)Kerksaal
3	Braamfontein	72.6	3	Skoolgebou
4	Kindertehuis	20.6	1	Skoolgebou
5	City and Suburban	449.1	11	Gehuurde inkels
6	Craighall	30.4	1	Winkel
7	Fordsburg	756.4	18.1	1)Nuwe gebou 2)Kerk 3)Winkel
8	Hospitaalheuwel	173.5	5	Skoolgebou
9	Jeppestown	537.7	11	1)Skoolgebou 2)Tente
10	Jewish	433.6	11	Skoolgebou
11	Markstraat	333.9	10	Skoolgebou
12	Nourse Deep Myn	60.9	(In Mei geopen en September gesluit)	
13	Robinson Deep Myn	94.5	3	Verskuifbare geboue
14	Rosettenville	144.9	4	1)Kerkgebou 2)Kamer 3)Tente

15 Simmer/

---

(1) Report of the Transvaal Education Department 1903, 26.

(2) Ibid., 63.

(3) Ibid., 65.

	Skool	Gemiddelde Inskrywing	Personeel	Geboue
15	Simmer en Jack Myn	88.9	2	1)Skoolgebou 2)Tent
16	Spes Bona	255.7	6	Skoolgebou
17	Turffontein	116.4	4	1)Kerkgebou 2)Tente
18	Von Brandisplein	170	6	Skoolgebou
19	Vrededorp	598.6	17	1)Skoolgebou 2)Kerkgebou 3)Tente
20	Union Ground	120.4	3	Skoolgebou.

Van die skole is Craighall in Januarie, Robinson Deep in Maart en Nourse Deep in Mei geopen.(1)

Die Onderwysdepartement het ook grond aangeskaf om verdere skole in Jeppestown, Troyeville, Turffontein en Booysens te bou.(2)

In 1904 het die onderwystoestande verbeter, want die inspekteur het aangedui dat toe hy die skole in 1903 besoek het, hulle merendeels in winkels, kerke en tente gehuisves was. Nou is daar in 'n sekere mate verligting gebring. Meer geboue is dringend nodig en aandag behoort aan beligting en ventilasie bestee te word. Die skoolwerk het gunstig gevorder en die onderwysers is gelukgewens met wat hulle verrig het, ten spyte van die ontmoedigende toestande. Die werk in die hoër klasse van die skool was minder meganies as die van die laer klasse. Hy beveel aan dat beter onderwysmetodes in die laer klasse toegepas behoort te word om die werk minder meganies te maak, terwyl meer konkrete en verstandelike onderrig in rekene, lees en natuurkennis in die laer klasse verskaf moes word.(3)

So/

---

(1) Report of the Transvaal Education Department 1903, 77.

(2) Ibid., 105.

(3) Ibid., 1904, 32.

So het die laerskole gevorder. Met die groot bouskema wat deur die Onderwysdepartement opgestel en aangepak is, was laer onderwys goed versorg.

Ten einde onderrig in handearbeid en kookkuns te gee, is veral in die stede sentrums vir daardie doel opgerig. In Junie 1905 was daar in Johannesburg drie handearbeid sentrums.(1) In 1907 was daar sentrums in Jeppe, Mayfair, Spes Bona, Troyeville en Turffontein.(2)

(d) Sekondêre Onderwys.

(i) Algemeen. Buiten die hoërskole wat in die noordelike en oostelike voorstede gestig is, is daar 'n sekondêre skool in Mayfair (in die weste) en 'n laerskool in Turffontein (in die suide) gestig, wat tot standerd VII sou gaan. Volgens Warre Cornish is sekondêre onderrig deur voorbereidende skole verskaf wat tot standerd III gegaan het waar min skoolgeld gevra is. Sekondêre of middelbare skole het van standerd III tot VII gegaan met addisionele skoolvakke. Hier is 'n gemiddelde skoolgeld gevra. Die hoër klasse van die hoër skole en van sekondêre skole waar toestande dit toelaat, is ook in die skole gereël. Hier sou 'n hoër skoolgeld vir leerlinge wat die hoër klasse bywoon gestel word.(3)

(ii) Mayfair. Die Mayfair sekondêre skool is in 1903 in gehuurde winkels gehou en is deur 52 leerlinge onder die beheer van drie onderwysers bygewoon.(4) Tenders is in 1904 vir die oprigting van 'n gebou vir die

skool/

---

(1) Report of the Transvaal Education Department 1905 - 6, 39 - 40.

(2) Ibid., 1906 - 7, 39.

(3) Warre Cornish: Progress of Education in the Transvaal since the War.

(4) Report of the Transvaal Education Department, 1903, 65.

skool gevra.(1) Die laagste tender vir die skool was £16,158.15. 9 wat deur 'n kontrakteur, T. Douglas, ingedien is.(2) In Maart is die uitgawe goedgekeur.(3) Die gebou is in 1905 voltooi.(4)

(iii) Turffontein. In 1904 is daar besluit dat al die seuns in standerd III en hoër van Booysensskool onder die hoofskap van mej. E.J. Hopley na Turffontein gestuur sou word.(5) Die dame het geweier om die seuns vanaf standerd III af te staan en is deur die inspekteur geskors.(6) Op 22 April het die inspekteur verduidelik waarom die Onderwysdepartement tot die stap oorgegaan het. Hy het gesê dat skole gesentraliseer word omdat geld skaars is. Die plan was om die groter kinders na Turffontein te laat gaan, en die kleiner kinders in Booysens te laat bly. Vier klein skooltjies tussen Booysens en La Rochelle-voorstede was te veel. 'n Groot geldelike besparing kon teweeg gebring word, as almal een skool kan bywoon. Turffontein was in besit van 'n goeie gebou en Booysens nie, met die gevolg dat Turffontein die sentrale skool sou word. Die ouers was nie ten gunste van die voorstel nie.(7) Die redes wat die ouers aangevoer het, was dat die kinders in ongunstige weer baie ver na die skool moes

gaan/

---

(1) Col. Sec. 425, 907/04, Secretary Public Works - Under Secretary, Pretoria, 3 Feb. 1904.

(2) Ibid.

(3) Col. Sec. 425, 907/04, Ass. Colonial Secretary - Director of Public Works, 1 Maart 1904.

(4) Warre Cornish: Progress of Education in the Transvaal since the War.

(5) Lt. Gov. 128, 113/65, T.G. Ligertwood - Principal, Booysens Govt. School, 15 April 1904.

(6) Lt. Gov. 128, 113/65, E.J. Hopley - Lord Milner, 20 April 1904.

(7) a. Lt. Gov. 128, 113/65, Uitknipsel uit Transvaal Leader, 22 April 1904.
b. Lt. Gov. 128, 113/65, The Booysens School Memorial, 14 April 1904.

gaan en hulle het gevoel dat die bevolking nog steeds groei en hulle eie skool moes hê.(1) Die Koloniale Sekretaris het verklaar dat die rede vir die teenstand elders te vind is. Die sentralisasie van die skool op Turffontein sou die waarde van eiendomme beïnvloed, en daarom kon hulle nie toesien dat die Onderwysdepartement hul voorstad benadeel nie.(2)

(e) Aandklasse.

Met die herroeping van die krygswet is daar 'n stelsel van aandklasse, as „Continuation Classes" bekend, deur die Onderwysdepartement ingestel. Die eerste klasse is in Februarie 1903 gereël.(3) Die doel van die aandklasse was om leerlinge wat agter raak te laat vorder deur aandklasse by te woon of om daar onderrig in vakke te ontvang wat vir eksamen eengebied is, maar wat nie in die skole onderrig word nie. Sodoende sou die aandklasse die leemtes in die onderwysstelsel aanvul. Toestande in die Transvaal deur die oorlog geskep en die afwesigheid van 'n opvoedkundige tradisie, het baie leerlinge buite rekening gelaat wat die skoolgaande ouderdom verby was, sonder dat hulle hul onderwys voltooi het, asook onderwysers wat toegelaat is om te werk, maar nog nie die nodige kwalifikasie verwerf het nie. Hulle kon volgens die skema reëlings tref om hul onderwys en kennis te bevorder.(4) Baie van die opgeleide onderwysers vind min geleentheid om hul gespesialiseerde kennis oor te dra, omdat hulle merendeels met laer onderwys besig is, en

hulle/

---

(1) Lt. Gov. 128, 113/65, The Booysens School Memorial.

(2) Lt. Gov. 128, 113/65, Colonial Secretary - Private Secretary to H.E. the Lieutenant-Governor, 10 Mei 1904.

(3) a. Report of the Transvaal Education Department 1903,59.
b. Vogel: Education during the Milner Regime, 68.
c. Warre Cornish: Progress of Education in the Transvaal since the War.

(4) Warre Cornish: Ibid.

hulle sou hul kennis nou aan die wat daarvan gebruik maak, kon oordra.(1) In 1905 is regulasies opgestel om die aandklasse te beheer, sodat die werk kon voortgaan sonder verwarring en met 'n vermindering van administratiewe werk, maar wat ook die onderwyser toelaat om die werk blymoedig te verrig. Dit sou dus net diegene help wat hulp nodig het.(2)

(f) Departementele Beleid teenoor Hoërskole.

Daar is voor die Anglo-Boere-oorlog in Suid-Afrika nie 'n verskil tussen elementêre en hoër onderwys gemaak nie. Die tipiese skool in Suid-Afrika het as gevolg van natuurlike omstandighede gegroei en het met die laagste elementêre stadium begin. Leerlinge is van die stadium opgelei na die universitêre matrikulasie stadium, sover dit bereikbaar was. 'n Paar skole is in Suid-Afrika in die na-oorlogse jare gevind wat regte kolleges was met 'n behoorlike universiteits-opgeleide personeel, maar hulle was slegs die uitsondering. Buiten die skole is daar geen verskil tussen die laer en sekondêre skole aangedui nie.

Die rede waarom daar geen verskil aangedui is nie, is dat tot die begin van die oorlog onderwys nie as gratis beskou kon word nie. Skoolgelde is gehef en leerlinge is verwag om skoolgeld by te dra.

Die nuwe Onderwysdepartement het besluit dat elementêre onderrig vry sou wees, en die skole sou kinders tot standerd VII kon onderwys. Onderrig kon ook in „gevorderde" vakke verskaf word asook 'n ander moderne taal saam met Engels en Hollands.

Skoolgelde/

---

(1) Warre Cornish: Progress of Education in the Transvaal since the War.

(2) Ibid.

Skoolgelde sou betaal moes word vir leerlinge wat sekondêre skole bygewoon het. Drie sekondêre skole is in Johannesburg geopen: „Cleveland Girls High" (mej. F. Buckland), „Johannesburg High School for Boys" (kapt. Sanderson) en „Jeppestown High School" (C.D. Hope) wat 'n skool vir seuns en dogters was. Die bevolking het gevoel dat as hulle skoolgelde betaal, hulle hul kinders van beter onderrig voorsien as waartoe die vrye elementêre skole in staat was. So het die hoërskole ook elementêre onderrig verskaf. In 1904 het die Onderwysdepartement opgetree en duidelik gemaak dat die hoërskole alleenlik onderrig aan leerlinge sou verskaf wat die elementêre of laerskool-kursus voltooi het, en dat van die ouers verwag sou word om die onkoste van hoër of sekondêre onderrig self te dra, om sodoende 'n besparing teweeg te bring. Hoërskole sou deur 'n komitee beheer word wat gedeeltelik deur die ouers gekies en gedeeltelik deur die Onderwysdepartement aangestel sou word, wat 'n toelae sou ontvang wat met die toelae aan laerskole gelykstaan. Hulle plig sou wees om die skole volgens die sekondêre skoolkode te reël.(1)

2. Hoërskole in Johannesburg.

Die Onderwysdepartement het die nodige voorsiening vir laerskole in al die voorstede van Johannesburg getref. Die werk is voortgesit maar die klag is voortdurend gehoor nl. te min ruimte. Die vinnige ontwikkeling van 'n stad in so 'n kort tyd na sy ontstaan, het die Onderwysdepartement se aandag op die plaaslike toestande gevestig gehou.

Met die versorging van die laer onderwys het die aantal skole gegroei en nuwe geboue is opgerig, sodat die deel van die onderwysgebied in Johannesburg op vaste grond-

slag/

---

(1) Warre Cornish: Progress in Education in the Transvaal since the War.

grondslag geplaas is. Die bekommernis en struwelinge was verby, maar 'n nuwe tyd het aangebreek, 'n tyd van oprigting en ontplooiing van hoër onderwys, wat as voorbereiding sou dien vir tegniese en universitêre opleiding. Sekere skole, alhoewel grotendeels elementêr, het leerlinge vir hoër eksamens voorberei maar die leerlinge was indiwidue. Nou word die taak deur die Regering aangepak.

Die Staatsgimnasium in Pretoria in die dae van die Republiek was die eerste poging om hoër onderrig in die Transvaal te verskaf. Min erkenning is deur die uitlanders aan die poging verleen.(1) Tydens die moeilike tydperk kon die uitlanders nie die waarde van die inrigting besef nie, want hulle het na 'n soortgelyke skool in Johannesburg gestrewe wat by die plaaslike omstandighede sou aanpas en die begeerte van die meerderheid van die bevolking van Johannesburg vervul.(2) Skole in Johannesburg soos „St. Mary's College" en „St. John's College" het leerlinge voor die oorlog vir die matrikulasie-eksamen van die Kaapse Universiteit voorberei.

Na die oorlog het die Onderwysdepartement besef dat hoërskole in Johannesburg tot stand sou moes kom, en aan die begin van 1903 is mej. Buckland se skool in 'n hoërskool verander, gevolg deur die opening van ander.

(a) „Johannesburg High School for Girls."

Op 20 Januarie 1902 is die „Cleveland High School for Girls" as 'n goewermentskool met 81 leerlinge geopen.(3) Mej. F. Buckland se aanstelling as hoof van die skool is

op/

---

(1) Hope: The prospects of the Secondary Schools in the Transvaal.

(2) Vergelyk die poging van die Council of Education om 'n hoërskool te stig met die oprigting van die Jeppestown Grammar School.

(3) Cotterell: History of the Johannesburg High School for Girls, 1887 - 1937.

op 16 Oktober 1901 goedgekeur.(1) Gedurende 1902 het die Onderwysdepartement besluit om ses hoërskole in die Transvaal te open, drie in Johannesburg, twee in Pretoria en een in Potchefstroom.(2) Die „Cleveland Girls' High School" is later verander tot die „Johannesburg High School for Girls." Mej. Buckland meld dat die naam verander is omdat die naam moontlik verwar sou word met die van enige skool opgerig in die voorstad, Cleveland.(3) Die gemiddelde toegangsouderdom was 9-10 jaar en vir die voorbereidende afdeling 4 jaar.(4)

Aan die end van 1902 is besluit om tydelike geboue vir die skool in Hillbrow op te rig, wat nie meer as £800 sou kos nie en wat as addisionele ruimte sou dien.(5)

Sargant het in die jaar sy eerste besoek aan die skool gebring.(6) Aan die einde van die jaar het die skool met 211 leerlinge gesluit.(7)

Van die begin van 1903 is die skool vergroot met die opening van 'n „Preparatory" of voorbereindende skool wat in 'n huis in Smitstraat gehuisves was.(8)

Die eerste inspeksie van die skool het in Junie 1903 plaasgevind, toe J.E. Adamson, dr. Breyer, dr. MacFadyen en andere die skool besoek het.(9) Die

rapport/

---

(1) Executive Council, Transvaal: Minutes 16 Oct. 1901.

(2) Cotterell: History of the Johannesburg High School for Girls, 1887 - 1937.

(3) Buckland: Reminiscences.

(4) Cotterell: Ibid.

(5) Executive Council, Transvaal: Minutes 2-3 Dec. 1902.

(6) Cotterell: Ibid.

(7) Ibid.

(8) Ibid.

(9) Ibid.

rapport het aangedui dat 216 leerlinge die skool besoek het, terwyl 202 op 8 en 9 Junie tydens die inspeksie teenwoordig was. Die skool het 12 permanente en een tydelike hulponderwyseres in diens gehad. Om die werk wat verrig is deur die eerste hoërskool in Johannesburg na die oorlog aan te toon, word die rapport verder weergegee: -

„Premises - Equipment: The premises of the school are clean and well-kept, and may have been well suited for the purpose for which they were at first intended - a private school - but we do not consider them adequate in size and accommodation for the use which they now serve, the only Government High School for girls in a town the size of Johannesburg. We are glad to learn that new buildings for this school are contemplated.

Curriculum - Timetable, Course of Study: The school does not attempt more than can be accomplished. Latin is compulsory in the higher classes, and French throught the school. A second modern language - German - is optional, and is taken by 70 pupils. The time table is well constructed. Dutch is not taught, and we understand that there is no demand for it. Course of Science too fragmentary in its nature. We approve of the other courses in use and we are specially pleased to find that South Africa is adopted as the introduction to Geography and that South African events are included in the course of History.

General Criticism: The highest form is up to the standard of the School Higher Examination only, but we hope that it will be possible before long to attempt a more advanced course."(1)

Die volgende inspeksie gehou op 9 en 10 Junie 1904 het/

(1) a. Report of the Director of Education 1903.
b. Cotterell: History of the Johannesburg High School for Girls.

het aangedui dat 138 leerlinge die skool bywoon, terwyl die personeel uit die hoof en agt hulponderwyseresse bestaan het.(1)

In Julie 1905 het die voorbereidende en hoërskool-afdelings twee aparte inrigtings geword. Die voorbereidende afdeling (Preparatory Department), bestaande uit 41 leerlinge, het na 'n gebou in Twiststraat verhuis, op die terrein wat nou vir die Twiststraatskool gebruik word.(2) Toe die Twiststraatskool gebou word, is die afdeling in die kookkunssentrum gehuisves net oorkant die hekke van Joubertpark.(3) In 1907 het die skool finaal onder die leiding van mej. W. Nixon afgestig.(4) Die huisvesting van die hoërskool was amper soos die gebruik in die dae van die Republiek. Die inspeksierapport vir Junie 1906 vir die skool toon dat die skoolgeboue uit die volgende bestaan het:

(i) Die hoofgebou, bestaande uit drie klaskamers in Leydsstraat;
(ii) 'n Huis gebruik as 'n skool;
(iii) 'n Sinkgebou in die speelgronde;
(iv) 'n Sinkgebou in Twiststraat vir die voorbereidende afdeling.(5)

Die Onderwyswet van 1907, deur generaal J.C. Smuts geloods, het veranderinge teweeg gebring wat al die skole in Johannesburg beïnvloed het. Onder die wet het die skool 'n beherende liggaam gekry.(6) Na die oorlog het 'n depressie hom weer laat voel, sodat selfs die skool deur

die/

---

(1) Report of the Director of Education 1904.

(2) Cotterell: History of the Johannesburg High School for Girls.

(3) Ibid.

(4) a. Ibid.
b. Daniell: The Preparatory School.

(5) Cotterell: Ibid.

(6) Ibid.

die vermindering in sy aantal leerlinge in die jaar 1907 (82 in die hoërskool en 27 in die voorbereidende afdelings) die invloed van die depressie getoon het. Die leerlinge moes skoolgeld betaal as hulle die skool bywoon, terwyl die ander intermediêre skole vry was.

Daar is in 1908 gevoel dat die getal leerlinge sou styg as 'n behoorlike gebou tot die beskikking van die skool gestel word.(1) Dit is besluit dat die skool moontlik na skoolgronde in Houghton verskuiwe sou word.(2) Met die goedkeuring van die Onderwyswet van 1907 het daar in die jaar 42 leerlinge Hollands as vak geneem. Die skool het die jaar leerlinge in vorm V(3) laat inskryf vir die laer Taalbond-eksamen, terwyl twee leerlinge in vorm VI hulle vir die B.A.intermediêre eksamen voorberei het. Hulle het na regte nie in die skool tuis gehoort nie, het die inspekteur gevind.(4)

Toe J.E. Adamson die skool in November 1909 besoek het, het hy gevra dat die naam van „Cleveland High School for Girls" verander word: „It would be well if this school assumed the name to which it is in all respects entitled, namely the Johannesburg High School for Girls. It is the only school in town where education of a secondary character is provided for girls only, and even from the Reef."(5) Veranderinge is by die skool aangebring. Daar is na die inspeksie van die vorige jaar besluit om met vorm VI weg te doen. Die leerplan is geadapteer

sodat/

---

(1) Cotterell: History of the Johannesburg High School for Girls.

(2) Ibid.

(3) Vorm V in 1908 is dieselfde as Vorm III in vandag se hoërskool. Vorms het begin na standerd III en nie na standerd V soos vandag nie.

(4) Cotterell: Ibid.

(5) Ibid.

sodat die meisieskool volgens die eise van meisies kon ontwikkel en minder in die rigting deur die openbare eksamens vereis word. Eerstens kon leerlinge nou 'n moderne taal neem in die plek van Latyn, indien hulle dit verkies. Tweedens het hulle net rekenkunde geneem in die plek van matesis, en huishoudkunde in die plek van algebra en meetkunde. Die skool het aan die end van 1909 leerlinge voorberei vir eksamens, deur die Kaapse Universiteit, Transvaalse Onderwysdepartement en die Taalbond gestel.(1)

In 1910 het die skool 'n wonderlike geskenk van S.B. Joel ontvang. In 'n skrywe van die edele E.P. Solomon aan generaal Louis Botha, destydse eerste minister, is die aanbod gemaak: „Mr. Joel, as a mark of his appreciation of the Union of the different Colonies in South Africa has desired me to ask you, on behalf of your Government to accept from him the property known as Barnato Park, with the buildings thereon - the ground being in extent 5 morgen and 225 square roods, equal to 11.376 English acres, and is held under one lease.(2) - situate in Johannesburg. The only condition Mr. Joel wishes to attach to the gift or donation is that the premises and buildings shall be used as a high school for girls."(3) Die aanbod is met graagte aanvaar.(4)

So het die skool met die herdenking van die eerste Uniedag die trotse besitter van oor die 11 akkers geword

en/

---

(1) Cotterell: History of the Johannesburg High School for Girls.

(2) Verhuur aan die Transvaalse Onderwysdepartement en gebruik deur Johannesburg College, die voorloper van die King Edward VII skool.

(3) E.P. Solomon - Rt. Hon. General Louis Botha, 31 Mei 1910. (Aangehaal deur Cotterell.)

(4) Louis Botha - Hon. E.P. Solomon, 31 Mei 1910. (Aangehaal deur Cotterell).

en 'n gebou wat £80,000 gekos het om op te rig.(1)

Toe die nuwe gebou vir die „Johannesburg College" voltooi is, het die skool verhuis maar daar is gevoel dat 'n behoorlike skoolgebou, wat met die pragtige geboue van die Jeppe en King Edward VII skole vergelyk kon word, opgerig moes word. Die huis sou dan as 'n koshuis gebruik word.(2) Aan die begin van 1912 het die skool van Leydsstraat verhuis en is 'n verbetering in die skool aangebring. Die inspeksierapport vir die jaar dui aan: „The change to the new site has produced more satisfactory conditions in several respects. It is a great advantage to the school to have such an excellently equipped boarding house as Joel House,(3) and to have within the grounds a suitable detached cottage to serve as an infirmary."(4)

Die groot terrein het die beherende liggaam werk verskaf om uit te lê, en die nuwe skoolgebou wat deur die Onderwysdepartement opgerig is, sou vanaf die begin van 1913 in gebruik geneem word. Na die nuwe gebou in gebruik geneem is, het die Voorbereidende Afdeling die sinkgeboue gebruik wat oorspronklik vir die gebruik van die „Johannesburg College" opgerig is.(5) Die skool is op 10 Desember 1913 amptelik geopen as die „Johannesburg High School for Girls", toe die Administrateur van die Transvaal

bekend/

---

(1) Cotterell: History of the Johannesburg High School for Girls. B. Barnato het die grond gekoop met die doel om vir hom 'n „country residence" op te rig, weg van die gewoel van Johannesburg. Die gebou, meld Cotterell, is 'n replika van 'n bekende dubbelverdieping-huis in Engeland. Dit is in 1898 voltooi teen 'n koste van £80,000 na die tragiese dood van Barnato aan boord skip op pad na Engeland aan die einde van 1897.

(2) Ibid.

(3) Die huis van Barnato wat as koshuis sou dien is gedoop „Joel House" ter ere van die skenker.

(4) Aangehaal deur Cotterell.

(5) Cotterell: Ibid.

bekend gemaak het dat die nuwe gebou £30,000 gekos het.(1) Die skool met behoorlike huisvesting en groot terrein het nou vooruitgegaan. Toe in 1914 onderwys in intermediêre en hoërskole vry geword het, het die getalle begin styg.(2) Die oudste hoërskool in Johannesburg is dus 'n meisieskool, wat in 1887 reeds deur mej. Buckland begin is, wat tot 1922 in die tuig gebly het.

(b) „King Edward VII School".

In teëstelling met die „Cleveland High School for Girls" is daar in 1902, voordat vrede amptelik verklaar is, met 'n seunshoërskool begin. Die skool is op 14 April 1902 geopen om onderrig te verskaf aan seuns wat nie jonger as 12 was nie.(3) Die gebou wat vir die skool gebruik is, was 'n ou sigaarfabriek op die hoek van Gold- en Kerkstrate.(4) Skoolgelde van drie en vyf ghienies per kwartaal is op junior en senior leerlinge gehef.(5) Die Assistent-Direkteur van Onderwys het in Mei rapporteer dat die skool onder die leiding van kapt. E.L. Sanderson teen 'n salaris van £900 per jaar en 'n hulponderwyser S. Boyle teen £400 per jaar gestaan het.(6) Op die datum van die skrywe was daar net ses leerlinge wat die skool bygewoon het.(7) Die skool het dit moeilik gevind om leerlinge te trek, derhalwe is die ouderdomsgrens vir toelating tot

10 jaar/

---

(1) Cotterell: History of the Johannesburg High School for Girls.

(2) Ibid.

(3) Star, 8 April 1902.

(4) Ibid., 8 April 1902 en 27 Augustus 1909.

(5) Ibid., 8 April 1902.

(6) a. Col. Sec. 90, 4712/02, Ware - Sec. to the Transvaal Administration, 20 Mei 1902.
b. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie periode, 1900 - 1907, 179.

(7) Ibid.

10 jaar verlaag.(1) Daar is ook bekendgemaak dat leerlinge voorberei word vir die Suid-Afrikaanse en Engelse universiteite. Laboratoria sou opgerig word, sodat die skool skei- en natuurkunde kon onderrig.(2) Daar is in 'n later advertensie om leerlinge te trek bekendgemaak dat die skool in 'n behoefte van hoër onderwys voorsien.(3) Die Direkteur van Onderwys het gevoel dat 'n goeie seuns hoërskool in die lewe geroep moes word, en het die Koloniale Sekretaris se aandag op die saak gevestig.(4) Hy meld dat getuienis voor die Tegniese Onderwyskommissie afgelê, wat advies sou gee oor die noodsaaklikheid van 'n tegniese inrigting in Johannesburg, bevestig dat die hoogste tegniese onderwys alleenlik op 'n deeglike algemene sekondêre opvoeding gebou kan word. Kenners het gesê dat die sukses van die Duitse tegniese skole aan die feit te danke is dat hul studente in die sekondêre skole deeglik voorberei is voordat hulle met gespesialiseerde onderrig begin. Die seunskool in Johannesburg moes die beste uit die Duitse sowel as die Engelse skole van Manchester en Birmingham trek. So 'n skool sou ondersteuning van die inwoners van Johannesburg geniet, omdat dit in 'n behoefte sou voorsien, 'n behoefte aan hoër onderwys waarop die stad nou wag. Omdat die Tegniese Onderwyskommissie aanbeveel het dat die toekomstige universiteit buite Johannesburg gelegë moes wees, was dit wenslik dat die voorgestelde hoërskool vir seuns binne bereik van al die voorstede van Johannesburg moes wees. Die skool moes ook binne bereik van die spoorwegstasie wees. Dus stel F. Ware voor dat

die/

---

(1) Star, 9 Julie 1902.

(2) Ibid., 17 September 1902.

(3) Ibid., 27 September 1902.

(4) Col. Sec. 293, 4540 F. Ware - Colonial Secretary, 27 April 1903.

die Regering van die kaserne van die Argyll en Sutherland Highlanders gebruik maak, wat hulle van plan was om te ontruim.(1)

Toe in November 1903 besluit is om die gebou wat deur die skool gebruik is, as 'n tydelike huisvesting vir die Transvaal Tegniese Instituut te gebruik wat in 1904 geopen sou word, is reëlings getref vir die verhuising van die skool na Barnato Park.(2) Sanderson wat met siekteverlof Engeland toe was, moes ook plek vir 'n nuwe hoof maak.(3)

Toe die skool die vorige Junie geïnspekteer is, is gevind dat die 71 leerlinge deur 'n voltydse personeel van agt onderwysers onderrig word, deur twee tydelike spesialiste bygestaan. Die inspekteur het gevind dat die seuns oor die algemeen hulle nie kon uitdruk nie en het die begin van 'n biblioteek aanbeveel.(4) Daar is gevoel dat kapt. Sanderson nie geskik was as hoof van 'n seuns-hoërskool nie, en aansoeke is van applikante <u>buite</u> Suid-Afrika ingewag,(5) teen 'n salaris van £800 per jaar.(6) Ware probeer weer sy argument vir 'n goeie sekondêre skool te sterk: „The need for a first class secondary school as a necessary foundation of the highest technical education was forcibly expressed by Mr. Chamberlain in his speech at Johannesburg on the 19th January."(7) Die skool sal 'n dagskool moet

wees/

---

(1) Col. Sec. 293, 4540 F. Ware - Colonial Secr., 27 April 1903.

(2) Star, 27 Augustus 1949.

(3) Ibid.

(4) Report of the Transvaal Education Department 1903, 51.

(5) Ek onderstreep.

(6) Col. Sec. 360, 8260/03, F. Ware - Colonial Secretary, 24 Augustus 1903.

(7) Ibid.

wees met 'n koshuisafdeling onder leiding van die hoof.(1) Om die plek van kapt. E.L. Sanderson te neem, is J.M. Crofts M.A. aangestel.(2) Net na die opening van die skool op 2 Februarie 1904 in Barnato se huis, het dit die naam van „Johannesburg College" gekry.(3) Die skool het nou ook spesiale onderrig verskaf wat seuns vir die Tegniese Instituut sou voorberei wat in Johannesburg geopen sou word.(4)

Met die eerste inspeksie van die „Johannesburg College" is aangedui dat die leerlingtal sedert die laaste inspeksie meer as verdubbel het, die aantal leerlinge nou 160 was onder die beheer van vyf voltydse en drie deeltydse onderwysers.

Die groot terrein het die seuns ten goede beïnvloed. 'n Laboratorium is vir die leerling opgerig en die skool is taamlik goed toegerus. Daar was 'n merkbare verbetering sedert die laaste inspeksie. Die skool kon nou aan sport deelneem, omdat hulle terrein gehad het.(5) Daar is ook besluit om 'n beherende liggaam vir die skool aan te stel, bestaande uit lede deur die Regering, ouers, „Council of Education" en die „Transvaal Technical Institute" genomineer."(6)

In Oktober 1905 is 'n kommissie aangestel om ondersoek in te stel na en te rapporteer oor die oprigting van hoërskole in Johannesburg. Die kommissie het opdrag gekry

om/

---

(1) Col. Sec. 360, 8260/03, F. Ware - Colonial Secretary, 24 Aug. 1903.

(2) Col. Sec. 360, 8260/03, Ass. Colonial Secretary - Director of Education, 13 Nov. 1903.

(3) Star, 16 Desember 1903.

(4) Ibid.

(5) Report of the Transvaal Education Department 1904,45.

(6) Ibid., 13.

om veral in te gaan op en te rapporteer oor die plek waar sulke skole gebou moes word, die standplase wat beskikbaar gestel kan word, die moontlikheid van fondse uit ander as regeringsbronne en die wyse van die samestelling van beherende liggame.(1) Die kommissie het ses-en-twintig getuies ondersoek en twaalf sittings gehou. 'n Voorlopige en 'n finale rapport is uitgebring. Hulle het bevind dat daar in die oostelike dele van die stad die grootste behoefte aan sekondêre onderwys bestaan en aanbeveel dat daar drie nuwe geboue vir die bestaande skole opgerig word. „Johannesburg College" moes na 'n gebou verskuif word wat op De Beersgrond vir 300 seuns opgerig moes word.(2) Die drie skole sou sowat £15,000 elk kos waarvan die Regering £25,000 en die „Council of Education" £22,500 sou bydra. Die „Witwatersrand Township, Estate and Financial Corporation" het sewe erwe vir die bou van 'n seunshoërskool beskikbaar gestel. Verder het die komitee aanbeveel dat slegs leerlinge vanaf 12 jaar toegelaat word. Dan sou suiwer hoërskoolwerk verrig kon word. Die hoërskole moes ook dagskole wees. Beherende liggame sou uit nege lede bestaan, waarvan drie deur die ouers gekies is, drie deur die „Council of Education" aangestel en drie deur die Luitenant-Goewerneur.(3) Die kommissie kon nie vas besluit waar die drie skole gebou moes word nie.(4)

Die/

---

(1) a. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie Periode, 1900 - 1907, 183.
b. Report of the Secondary Education (Johannesburg) Commission with first report, minutes of evidence and appendices.

(2) a. Ibid.
b. Vandag is die Ambagskool van die Witwatersrand Tegniese Kollege op die grond opgerig.

(3) a. Report of the Secondary Education (Johannesburg) Commission.
b. Symington: Ibid., 184.

(4) a. Report of the Transvaal Education Department 1906 - 7, 26.
b. Johannesburg College Magazine, Vol. 1 No. 2, 1.

Die ouers van leerlinge wat die „Johannesburg College" bygewoon het, het aansoek gedoen dat die skool na 'n sentraler posisie moes verhuis en het standplase in Hospitaalheuwel aanbeveel.(1) Die grond kon verkry word sonder betaling. Die ses akkers wat in Observatory vir 'n seuns-hoërskool aangebied is, het Ware gevoel sou te duur wees, want die Regering kon nie bekostig om £5,000 vir grond uit te gee nie. Die grond was ook te naby die oostelike voorstede wat 'n hoërskool van hul eie geregverdig het.(2) Fondse tot die beskikking van die Onderwysdepartement sou net die oprigting van twee skole regverdig waarvan een 'n meisieskool moes wees. Die seunshoërskool sou dus sentraal geleë moes wees om leerlinge van al die voorstede te trek. Om 'n skool dus in die Observatory stadsgebied te bou, sou spandabel wees, want dit sou nie die stad se behoefte vir hoër onderwys bevredig nie.(3) Die Regering was nie van plan om die versoek van die Sekondêre Onderwyskommissie, wat gevra het dat die seuns-hoërskool in Smitstraat op De Beersgrond gebou moes word, toe te staan nie. Die geld wat die „Council of Education" sou bydra, was aan die klousule onderhewig wat geëis het dat grond beskikbaar sou wees. Die £47,500 vir hoërskole in Johannesburg het nie toegelaat dat daar geld afgestaan word vir die aankoop van grond nie. As die grond in Observatory, deur menere Van Boeschoten en Lorentz vir £5,000 aangebied, gebruik is, sou dit die oostelike voorstede twee hoërskole besorg en die orige bewoners van Johannesburg sou sonder hoërskoolfasiliteite wees. Dus is die saak daar gelaat.(4)

In/

---

(1) Lt. Gov. 132, 11¼/103, Lt. Gov's. Office, Pretoria-Private Secretary, H.E. the Governor, Johannesburg, 19 Julie 1906.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) Lt. Gov. 132, 11¼/103, Governor's Office, Johannesburg - Major H.P, Damsay-Copeland, July 1906.

In 1906 is die skool deur 150 leerlinge bygewoon en is besluit om 'n voorbereidende afdeling in April van die jaar te open.(1) In 1907 het daar groot opspraak onder die ouers en belangstellendes geheers waar die nuwe skool gebou sou word. Na hewige kritiek was die Sekondêre Onderwyskommissie verplig om te swig en daar is besluit om die skool in Observatory te bou.(2) Die beherende liggaam het in 1910 gevoel dat die naam van die skool verander moes word tot „The King Edward VII School, Johannesburg."(3) Die redes waarom die skool die naam wou hê, was omdat dit met die uitsondering van laerskole die grootste skool in die Transvaal was; die stigting van die skool het plaasgevind met die oorlede koning se troonbestyging en die oprigting van die nuwe geboue het met sy sterwe ooreengekom, dus as Sy Majesteit Koning George V, toestemming daartoe gee, sou die skool as 'n gedenkteken ter ere van die oorlede koning se belangstelling in onderwys dien. Verder het hulle beweer dat die skool gehuisves is in geboue, waardig genoeg om die naam te dra.(4) Die gebruik van die nuwe naam is in Januarie 1911 goedgekeur.(5) Die nuwe geboue is op 9 November deur lord Gladstone geopen.(6) Mnr. D. Davis, wat die onderwyser in die klassieke van 1903 was, het in 1909 hoof geword, toe dr. Crofts weens gesondheidsredes afgetree het. Hy het tot 1930 hoof gebly,

toe/

---

(1) Star, 27 Augustus 1949.

(2) **Ibid.** (Die skool is eintlik in Houghton, maar in die dae is die grond beskikbaar gestel naby die sterrewag van Johannesburg.)

(3) E 31/28, Act. Under Secretary for Education - Secretary, Administrator, 22 Augustus 1910.

(4) E 31/28, Secretary, Transvaal Education Department - Acting Secretary, Administrator, 16 September 1910.

(5) E 31/28, Director of Education - Governing Body, 3 Jan. 1911.

(6) E 31/28, Ass. Private Secretary, Governor-General's Office - Provincial Secretary, 26 Okt. 1911.

toe hy afgetree het.(1)

(c) „Jeppe High School."

Alhoewel dit vermoed word dat die skool se geskiedenis terug dateer tot die oprigting van „St. Michael's College" deur eerw. J.T. Darragh, moet dit gemeld word dat die inrigting eers begin het met die pogings deur die „Council of Education" aangewend om Johannesburg van 'n hoërskool te voorsien.(2) Toe moeilikheid tussen J. Russouw, die Hollandse onderwyser, en eerw. G. Perry oor straf ontstaan het wat Russouw aan 'n leerling toegedien het, het Russouw op die skool beslag gelê en dit voortbestuur totdat dit van hom deur die „Council of Education" gekoop is.(3) Die „Council of Education" het die skool in die Jeppestown Grammarskool omgeskep, met H.J. Hardwick as hoof.(4) Van die begin van die skool is die beleid en onderrigmetodes van die Engelse Publieke skool, in soverre plaaslike toestande dit toegelaat het, toegepas.(5) In sy rapport aan die ouers in Desember 1898 het Hardwick tekenne gegee dat omtrent 100 leerlinge die skool bywoon,(6) en aangedui dat die skool nie alleen akademiese onderrig verskaf het nie, maar ook dat belangstelling deur die leerlinge getoon is in gimnastiek, krieket en sokker.(7) Toe die skool deur moeilike tye gegaan het, is dit aan die

ouers/

---

(1) Star, 27 Augustus 1949.

(2) Vgl. Jeppe High School, Souvenir Brochure, 1.

(3) a. Star, 14 Desember 1894. J. Russouw voeg onder sy naam „Lawful possessor of St. Michael's College".
b. Star, 15 Desember 1894.
c. OR 3548/95 Reklamebrosjure vir St. Michael's College.

(4) a. Jeppe High School, Souvenir Brochure, 1.
b. Sec. Tvl. Adm. 1027, Robinson: Sketch of the History of Education Work in the S.A.R.

(5) Ibid.

(6) Jeppe High School, Souvenir Brochure, 1.

(7) Ibid.

ouers van Jeppestown verkoop, want die „Council" kon nie bekostig om die skool langer oop te hou nie.(1) Hardwick het hoof gebly totdat die skool verplig was om met die uitbreek van die oorlog te sluit en vreemdelinge versoek is om die Transvaal te verlaat. Alhoewel Hardwick voor die oorlog vertrek het, het E.E. Plumacher, 'n lid van die beherende liggaam, die skool oopgehou onder leiding van 'n Hollandssprekende onderwyser, A. Muller.(2)

Op 14 April 1902 is die skool as 'n hoërskool vir seuns en meisies deur die Onderwysdepartement, Johannesburg heropen.(3) Die skool sou onder die leiding van C.D. Hope staan. Hier is ook skoolgelde van drie en vyf ghienies vir junior en senior leerlinge gehef. Die toelatingsouderdom was 12 jaar.(4) Hope is 'n verhoging in salaris in Julie 1902 aangebied, omdat die aantal leerlinge so vinnig gestyg het, dat hy meer werk moes verrig.(5) Toe die skool reëlings getref het om die vierde kwartaal te heropen, is aangedui dat die skool in besit van goeie voetbal- en krieketvelde was.(6) In Maart het die Uitvoerende Raad toestemming verleen vir die aankoop van standplase 369 en 371 vir £850 asook om vir standplase 357, 359 en 373 teen £500 elk te onderhandel. Die grond is vir 'n voorbereidende skool vir die hoërskool aangekoop, wat op die tydstip in die Baptiste kerkgebou in Jeppestown gereël is.(7) Die skool is op 10 en 11 Junie 1903

geïnspekteer/

---

(1) Malherbe: Education in South Africa, 295.

(2) Jeppe High School, Souvenir Brochure, 1.

(3) a. Star, 8 April 1902.
b. Report of the Director of Education, 1900 - 1904, 14.

(4) Ibid.

(5) Col. Sec. 108, 7396/02, E.B. Sargant - Colonial Secretary, 15 Julie 1902.

(6) Star, 26 September 1902.

(7) Executive Council Vol. II, Minutes 28-31 Maart 1903, par. 66, 238.

geïnspekteer en die inspekteur het 96 leerlinge gevind deur tien voltydse en drie deeltydse onderwysers onderrig.(1) Daar is aangedui dat die huidige gebou waarin die skool gehuisves was, tydelik van aard was maar 'n geskikter gebou sou opgerig word.(2) Die inspeksie-verslag van 8 Junie 1904 het aangedui dat 114 leerlinge deur vyf onderwysers onderrig word. Deur die oprigting van 'n sinkgebou om as kleedkamer vir die meisies te dien, is 'n addisionele kamer in die hoof gebou vir 'n klas-kamer beskikbaar gestel. Die organisasie van die skool het verbeter.(3) Gedurende die jaar is 'n kadetkorps en sport soos korfbal en hokkie die eerste keer ingestel.(4)

Hope het 'n proefneming uitgevoer. Die leerlinge van die hoërskool het uit seuns en meisies bestaan, in teenstelling met die „Cleveland High School for Girls" en „Johannesburg College". Kinders is in die laerskool saam onderrig, maar sover is dit nie in hoër inrigtings gedoen nie. Hope het teenstand ondervind, want hy skryf: „Co-education cannot be established unless the public is fully prepared to accept it; and however successful the actual work of school may be, almost the only parents who will cordially accept it for their sons are those who have been used to it in Scotland and America."(5) Aan die einde van 1904 het Hope vertrek om hoof te word van die „Potchefstroom College" die voorloper van die „Potchefstroom Boys' High School", en J.H.A. Payne het hoof van die skool geword.(6) Die skool het op akademiese gebied presteer,

want/

---

(1) Report of the Transvaal Education Department, 1903, 50.

(2) Ibid.

(3) Report of the Transvaal Education Department, 1904, 47.

(4) Ibid.

(5) Hope: The prospects of the Secondary Schools in the Transvaal.

(6) Jeppe High School, Souvenir Brochure, 1.

want in 1908 het alle kandidate, wat vir die Transvaalse Sekondêre Skoolsertifikaat ingeskryf het, geslaag, terwyl J. Lowe die hoogste punte in die Transvaal behaal het.(1) Die skool het een van die geboue gekry waarvoor £47,500 deur die Onderwysdepartement en „Council of Education" toegestaan is. Die gebou is in 1909 begin en op 12 Januarie 1911 is die gebou voltooi en ingerig om in gebruik te neem te word.(2) Met die pragtige klipgebou wat nog deur die skool gebruik word, is verdere opvoedkundige werk verrig. Die beherende liggaam het in 1914 aanbeveel dat 'n bygebou „Friedenheim" as 'n tweede koshuis vir die jonger leerlinge gehuur moes word, maar dat die gebou nie aangekoop moes word voordat 'n aparte meisiehoërskool vir die oostelike voorstede opgerig is nie.(3) Leerlinge wou graag die skool bywoon, want die hoof het aangedui dat hy 38 aansoeke vir toelating tot die skool se koshuise van die hand moes wys. In Junie 1917 het die skool 108 kosgangers gehad wat 'n groot aantal is, daar die skool hoofsaaklik 'n dagskool was.(4) Die kosgangers het ongeveer 'n kwart van die skool se leerlinge gevorm. Die hoofdoel vir die oprigting van die skool was om fasiliteite vir Johannesburg te verskaf en die Direkteur van Onderwys het die beherende liggaam gevra of dit wenslik sou wees om meer kosgangers toe te laat.(5) Die beherende liggaam het gevoel dat meer koshuisruimte voorsien moes word en het met die Onderwysdepartement onderhandel.(6)

Die/

---

(1) Jeppe High School, Souvenir Brochure, 1.

(2) E 20/151, Jeppe High School, Erection of New Buildings.

(3) E 18/151, Governing Body - Secretary, Education Department, 30 Maart 1914.

(4) E 18/151, Governing Body - Secretary, Department of Education, 26 Junie 1917.

(5) E 18/151, Director of Education - Governing Body, 16 Julie 1917.

(6) E 18/151, Governing Body - Director of Education, 15 Augustus 1917.

Die „Jeppe Preparatory School" het in 1904 as 'n private inrigting begin maar is van die begin van 1905 deur die Onderwysdepartement as 'n Regeringskool aangeneem.(1) Die skool was in 'n sinkgebou gehuisves op die hoek van Crown- en Commissionerstrate, totdat sir Julius Jeppe se mynmaatskappy in 1914 grond vir die skool geskenk het.(2)

Na die voltooiing van die nuwe skoolgebou in Januarie 1911 het die beherende liggaam van die skool gevoel dat die meisies 'n eie skool moes hê. Op 9 Februarie 1911 is deur Julius Jeppe voorgestel en deur ds. J.F. Botha gesekondeer dat: „the Governing Body after most careful and prolonged deliberation has come to the conclusion that in the interests of the Boys as well as the Girls, not alone from an educational but also from a social point of view, the system of co-education now obtaining at the Jeppe High School should cease at the earlies possible moment."(3) Daar is verder gemeld dat die natuurlike vermeerdering van leerlinge vir die nuwe skool die Onderwysdepartement sal noodsaak om addisionele hoërskoolakkommodasie te voorsien. Die nuwe gebou is vir 300 leerlinge opgerig, terwyl daar in April 296 leerlinge ingeskryf is. As die 115 meisies ander akkommodasie gegee kon word, sou die skool binnekort weer deur leerlinge van buite gevul wees.(4) Die Administrateur, alhoewel hy ten gunste van die skeiding van seuns en meisies was, het gevra dat so 'n radikale verandering nie teen die wense van ouers gemaak moes word nie wat 'n ander mening toegedaan/

---

(1) Jeppe High School, Souvenir Brochure, 3.

(2) Ibid.

(3) E 34/151, Secretary, Governing Body - Administrator of the Transvaal, 1 April 1911.

(4) Ibid.

daan is. Die saak kan weer aangeroer word wanneer die nuwe gebou nie meer as toereikend vir die leerlinge wat dit bywoon beskou word nie.(1) Eindelik is die meisies van die seuns geskei toe hul eie gebou in Kitchenerlaan in 1919 voltooi is.(2) Vanaf Januarie van die jaar, wagtend op die voltooiing van hul gebou, is die gebou wat vandag deur die Fairview Juniorskool gebruik word, deur die meisies betrek. Vanaf die derde kwartaal was hulle in hul eie gebou.(3)

(d) „St. John's College".

Die skool, net soos die „Jeppe High School", het ook sy wortels in die Republikeinse era ingeskiet. Die skool is aan die begin van Augustus 1898 geopen met eerw. J.L. Hodgson as hoof.(4) Die skool is met twaalf leerlinge geopen en aan die einde van die eerste kwartaal van 1899 kon die skool met oor die honderd leerlinge spog.(5) „The Watchman" meld: „Success was almost embarrasing as temporary premises were outgrown before a more suitable building could be erected."(6) Die skool is geopen omdat gemeentelede gevoel het dat daar geen skool op die tydstip in Johannesburg was, wat onder die leiding van die Anglikaanse kerk gestaan het nie. Die ander geloofsrigtinge het hul eie skole gehad, maar sedert die dae toe Darragh skole gestig het, is geen voorsiening vir Anglikaanse kinders gemaak nie. Die skool sou ander leerlinge toelaat maar was bedoel vir kinders van die gemeentelede.(7)

Dat/

---

(1) E 34/151, Director of Education - Secretary, Governing Body, 22 April 1911.

(2) Jeppe High School, Souvenir Brochure, 3.

(3) Ibid.

(4) OR 12478/98, Prospectus van St. John's College, Johannesburg ontvang 28 Augustus 1898.

(5) Church of the Province: Papers relating to Johannesburg, Education.

(6) Standard and Diggers News, 19 Junie 1899.

(7) Ibid.

Dat nie almal met die ideaal van die kerk saamgestem het nie, is in een van die hoofartikels van die „Star" getoon, waar die sienswyse uitgespreek is dat 'n publieke skool, sonder dat doktrinêre onderrig in 'n kerkskool verskaf word, in Johannesburg nodig is.(1) Geld is met 'n funksie in Julie ingesamel om die skool mee te begin.(2) Daar is blykbaar gevoel dat die skool vir koorlede van die kerk opgerig is.(3) Kinders van ander geloofsrigtinge is ook toegelaat om die skool by te woon, „a 'conscience clause' will enable children of other denominations to receive secular education only, our own boys shall be provided with a sound secular and religious education on definite church principles."(4)

In Junie 1899, toe die uitlanders uit Johannesburg begin trek het, het die skool nog 100 leerlinge gehad.(5) In Maart 1900 is die hoof, Hodgson, gevra om Johannesburg te verlaat en A.S. Benson het oorgeneem totdat hy ook deur die Republikeinse Regering gevra is om te vertrek.(6) Die skool is toe tot die end van die jaar gesluit. In November 1900 het eerw. Hodgson 'n kabelgram van Johannesburg ontvang om die skool te heropen.(7) Hy het weer in Januarie 1901 in Durban aangekom maar kon weens die guerilla-oorlog nie verder kom nie. 'n Permit is aan hom

in/

---

(1) Standard and Diggers News, 19 Junie 1899.

(2) Ibid., 8 Julie 1898.

(3) a. Ibid., 12 Augustus 1898.
b. Church of the Province: Papers relating to Johannesburg, Education.

(4) a. Standard and Diggers News, 2 Feb. 1898.
b. Ibid., 15 Augustus 1898.

(5) Ibid., 19 Junie 1899.

(6) a. Star, 22 Desember 1902.
b. Report of the Diocese of Pretoria 1903 - 4, 40.

(7) Ibid.

in Maart toegestaan om Johannesburg in te kom en in April is die skool weer deur hom met 10 seuns heropen. Die getal het aangewas, tot daar 50 leerlinge in die skool aan die einde van 1901 was, deur drie onderwysers beheer.(1) Die skool is in sinkgeboue gehuisves, op die kerk se standplase op die hoek van De Villiers- en Wilhelmstrate opgerig, maar selfs die geboue het getoon dat dit ongenoegsaam was en dat addisionele geboue opgerig moes word.(2) In Januarie 1902 is die skoolgebou tot vier kamers uitgebrei. Die jaar is met 120 seuns begin.(3) Alhoewel die opening van 'n seuns-hoërskool deur die Regering die skool skade berokken het, daar hulle van hul leerlinge verloor het,(4) het die aantal leerlinge tot 170 aan die einde van die jaar verminder, onder die beheer van tien onderwysers.(5) Die skool is gedurende die jaar tot agt klaskamers en 'n musiekkamer uitgebrei.(6) Planne is beraam om 'n skool vir 350 seuns en 'n koshuisinrigting vir 50 seuns te bou.(7)

Die planne moes opsy geskuif word, want die kerkraad van St. Mary's het in Februarie 1903 die geboue van die skool oorgeneem ter vereffening van die £2,000 wat die skool aan die kerk geskuld het.(8) Die „Johannesburg High School for Boys" het dit vir die skool moeilik gemaak om te bestaan, sodat die skuld meer geword het. Skoolgelde

is/

---

(1) a. Star, 22 Desember 1902.
b. Report of the Diocese of Pretoria 1903 - 4, 40.

(2) Report of the Diocese of Pretoria 1903 - 4, 40.

(3) Star, 22 Desember 1902.

(4) Report of the Diocese of Pretoria 1903 - 4, 40.

(5) Star, 22 Desember 1902.

(6) Ibid.

(7) Ibid.

(8) Report of the Diocese of Pretoria 1903 - 4, 40.

is verhoog maar het net die gevolg meegebring dat meer leerlinge vertrek het.(1) Eerw. Hodgson, wat ongesteld was, het 'n instorting gehad en sy betrekking as hoof neergelê.(2)

Omtrent hierdie tyd het die Onderwysdepartement bekend gemaak dat die seuns-hoërskool na Barnatopark sou verhuis en as „Johannesburg College" bekend sou staan. Die verhuising het St. John's ten goede beïnvloed, want getalle het weer begin styg. In Januarie 1904 het die skool met 70 leerlinge begin.(3) Toe St. John's deur die kerkraad van St. Mary's oorgeneem is, is dit onder die beheer van die „Diocesan Board of Education" geplaas.(4) Met die vertrek van eerw. J.L. Hodgson het eerw. F. Carter die hoof van die skool geword.(5) Hy het die skool opgebou en aan die einde van 1905 het al sewe seuns wat vir die matrikulasie-eksamen ingeskryf het, geslaag. Met sy vertrek uit die bisdom om in 'n gemeente te gaan werk, het die biskop van Pretoria die „Community of the Resurrection" genader om die werk van die skool oor te neem.(6) Eerw. J.O. Nash het in Januarie 1906 die hoof van die skool geword.(7) Die skool het onder die nuwe bestuur vooruitgang getoon ten spyte van die depressie en inkorting van dienste, wat baie leerlinge die skool laat vaarwel sê het.(8) Weer eens is die doel van die skool deur die

biskop/

---

(1) Report of the Diocese of Pretoria 1903 - 4, 40.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) Report of the Diocese of Pretoria, 1904 - 5, 91.

(5) Church of the Province: Papers relating to Johannesburg, Education.

(6) a. Ibid.
b. Report of the Diocese of Pretoria 1905 - 6, 70.

(7) Ibid.

(8) Ibid.

biskop duidelik gestel: „The College exists in order that there may be a school in Johannesburg where churchmen may have their boys brought up in a church atmosphere."(1)

In November 1905 het T.M. Cullinan eerw. D. Howell-Griffith van die Parktown gemeente £5,000 aangebied vir die bou van 'n skool in Rosebank. Die opvoedingsraad van die bisdom het besluit om die geld vir permanente geboue vir St. John's te gebruik. Cullinan het daarmee akkoord gegaan. Agt akkers is in die Houghton landgoed teen verminderde tarief van die „Johannesburg Consolidated Investment Co." gekoop.(2) Die aartsbiskop van ~~Canterbury~~ Kantelberg het 'n verdere £2,000 geskenk vir die bou van die skool en op 10 Januarie 1907 is die hoeksteen van die invloedryke skool deur mev. Cullinan gelê.(3) In Augustus 1907 het Sy Hoogedele lord Selborne die nuwe skool amptelik geopen.(4) Die nuwe skool in die voorstad, Houghton, wat as een van die gesondste van Johannesburg se voorstede beskou is, het 'n terrein van agt akkers gehad waarop krieket- en voetbalvelde aangebring sou word. Die gebou is deur die bekende argitek, Herbert Baker, ontwerp.(5) Die ou gebou in die stad is aan St. Margaret's, 'n meisieskool van die kerk oorhandig.(6) Die reusetaak wat deur die kerk aangeneem is, is deur die „Kingdom" soos volg beskryf: „At first it may have seemed too ideal to try and establish a school which by its very constitution had

to/

---

(1) Report of the Diocese of Pretoria 1905 - 6, 70.

(2) Report of the Diocese of Pretoria 1906 - 7, 64.

(3) a. Ibid.
b. Church of the Province: Papers relating to Johannesburg, Education.

(4) Church of the Province: Papers relating to Johannesburg, Education.

(5) St. John's College: Brosjure om fondse aan te vra, 2.

(6) Church of the Province: Papers relating to Johannesburg, Education.

to forfeit all claims on public funds, and yet have to compete with schools generously endowed by government, but the sympathetic support (Cullinan, S.P.C.K. and S.P.G.) must have gladdened the staff and council."(1)

Getalle het van 45 leerlinge in Januarie 1906 tot 135 in Augustus 1908 gestyg.(2) Van die groot uitgawe op die gebou het die bisdom nog £3,000 op die skool geskuld.(3) In 1909 het die „Council of Education" die skool vyf akkers geskenk.(4)

Met die groei van die skool is nou besluit om die voorbereidende afdeling van die skool af te stig. In Januarie is die „Preparatory" met 40 kosgangers begin.(5) Met die aanwas van leerlinge is die gebou vergroot tot 'n vierkantige gebou, sodat daar voorsiening gemaak sou word vir 300 seuns waarvan 150 kosgangers sou wees. Die gebou wanneer voltooi, sou ongeveer £30,000 kos.(6)

Op 16 Desember 1916 is die nuwe kapel van die skool deur kanon Nash vir dienste ingestel, sodat die gebou in die behoeftes van die leerlinge voorsien het. Die geskiedskrywer, Agar Hamilton, beskryf die skool as 'n: „abiding testimony to the kinship of Faith and Learning, and the Community that is responsible for its working can desire no finer monument than the block of buildings,

dominated/

---

(1) Church of the Province: Papers relating to Johannesburg, Education. (S.P.C.K. is die „Society for the promotion of Christian Knowledge" en S.P.G. is die „Society for the Propogation of the Gospel.")

(2) Report of the Diocese of Pretoria 1907 - 8, 21.

(3) Ibid.

(4) Report of the Diocese of Pretoria 1909 - 10, 35.

(5) Report of the Diocese of Pretoria 1910 - 11, 43.

(6) Church of the Province: Papers relating to Johannesburg, Education.

dominated by the mighty chapel."(1)

3. Die Bydrae van die „Council of Education" tot die Stigting van Hoërskole in Johannesburg.

Terwyl die „Council" besig was om 'n nuwe skema op te stel, het die oorlog die werk beëindig. Die werk is tot na die oorlog gestaak. In 1902 het die Direkteur van Onderwys, J. Robinson, gemeld dat die Regering van die Transvaalse Kolonie primêre onderrig tot bevrediging van die „Council" verskaf.(2) Die „Council" het besluit om nou sy pogings op hoër onderwys toe te spits.

Aan die einde van 1904 het die behoefte aan goeie hoërskole dringend geword. Die „Council" het 'n brief van die Direkteur van Onderwys ontvang vir 'n skenking aan „Jeppestown High School" en „Johannesburg College" om nuwe geboue op te rig. Die Direkteur van Onderwys het 'n skenking van £10,000 vir elk van die twee skole aangevra.(3) Met die aanstelling van 'n kommissie om sekondêre onderwys-aangeleenthede in Oktober 1905 na te gaan, het die „Council" gevoel dat hy hierdie pogings moes ondersteun.(4) Nadat die eise van die skole nagegaan is, is deur die „Council" besluit om £25,000 vir sekondêre onderwys in Johannesburg toe te staan, op voorwaardes wat na die verskyning van die rapport van die „Secondary Education Commission" opgestel sou word.(5) Daar is ook besluit om £27,500 vir 'n „Public Boarding School" op Frankenwald, omtrent elf myl

uit/

---

(1) Hamilton: A Transvaal Jubilee, 77.

(2) Council of Education: Report of Syndic to Council 1903, 10. (Robinson was die Direkteur van Onderwys van die Council).

(3) Council of Education: History of Council, 11.

(4) a. Ibid.
b. Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie Periode, 1900 - 1907, 183 - 185.

(5) Council of Education: History of Council, 11.

uit Johannesburg, op die Johannesburg-Pretoria pad.op sy te sit.(1) Voordat die £25,000 aan die Sekondêre Onderwyskommissie oorhandig is, is die uitvoerende komitee (Syndic) gevra om uit te vind of die Regering sou inwillig om 'n verdere £2,500 aan elk van die „Johannesburg College" en „Jeppestown High School" te gee, indien die „Council" dit ook doen.(2) Verder is die Onderwysdepartement genader en navraag is gedoen oor watter stappe gedoen word om 'n behoorlike gebou vir 'n meisie-hoërskool op te rig.(3)

Die Sekondêre Onderwyskommissie het aanbeveel dat drie skole opgerig moes word, nl.: 'n skool vir seuns en meisies op Jeppestown; 'n skool vir seuns in Smitstraat; 'n skool vir meisies in die omgewing van die „Cleveland High School."(4) Die „Council" het onmiddellik £12,500 vir die Jeppe hoërskool toegestaan, wat op grond opgerig sou word, deur Julius Jeppe se maatskappy die „Witwatersrand Township Company" aangebied.(5) £12,500 wat aan die „Johannesburg College" geskenk sou word, is teruggehou, omdat die „Council" nie tevrede was met die ligging van die aanbevole grond in Smitstraat nie.(6) Na onderhandelinge met die Onderwysdepartement is besluit om die £25,000 vir die aanbou van sekondêre skole in Johannesburg te wysig, sodat £7,500 aan elk van die drie voorgestelde hoërskole geskenk is, wat deur die Sekondêre Onderwyskommissie aanbeveel is.(7)

Onderhandelinge/

---

(1) Council of Education: History of Council, 11.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) a. Ibid.
b. Vide Hoofstuk VI 2(b), 366.

(5) Council of Education: History of Council, 11.

(6) Ibid.

(7) Ibid.

Onderhandelinge het oor die ligging van die drie skole gevolg, omdat die „Council" en die Onderwysdepartement nie akkoord gegaan het waar die skole opgerig sou word nie. Alternatiewe grond vir die „Johannesburg College" is deur die „Braamfontein Estate Company" in Westcliffe en in die omgewing van die dieretuin aangebied, maar die aanbiedinge is van die hand gewys omdat die terrein te ver vir die leerlinge sou wees.(1) Die beherende liggaam van „Johannesburg College" se keuse het op die grond in Houghton geval, bo die ander wat aangebied is.(2) Beswaar is geopper dat dit weer die „St. John's College" sou benadeel, wat alreeds in die voorstad gevestig is. Daar is gevoel dat daar plek vir albei skole in die voorstad was, omdat elke skool in 'n bepaalde behoefte voorsien het : St. John's vir kerklike en „Johannesburg College" vir sekulêre onderwys. Daar is van die begin van die poging om hoërskole op te rig, geëis dat die grond vir die skole nie gekoop moes word nie, maar van die plan moes in die geval van die „Johannesburg College" afgesien word.(4)

Dus het die „Council of Education" geldelik tot die bou van die eerste drie hoërskole in Johannesburg bygedra. Hulle het ook daarvolgens seggenskap in die beherende liggame van die skole gekry en so hul doel bereik.

4. Normaalkollege, Johannesburg 1902.

Sargant het gevoel dat onderwysers uit die plaas-

like/

---

(1) Council of Education: History of Council, 11.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) Ibid.

like leerlinge opgelei moes word wat toestande verstaan. 'n Normaalkollege is op 18 Oktober 1902 in Johannesburg geopen om onderwysers op te lei.(1) Gedurende 1902 het die Onderwysdepartement doelbewus gestrewe om onderwysers vir laer en sekondêre skole op te lei. Die onderwysers wat in die jaar plaaslik verkry kon word, was veels te min vir die werk wat verrig moes word, maar voordat besluit is om onderwysers van elders in te voer, is besluit om lede van die maatskappy, wat op hoogte met plaaslike toestande was, op te lei.(2) Die rede waarom besluit is om onderwysers plaaslik te verkry, was dat dit ekonomies en ook prakties was. 'n Normaalkollege moes 'n vername rol in die opvoedkundige ontwikkeling van ons land speel, en dus is die twee normaalkolleges in Pretoria en Johannesburg onder ervare hoofde met uitgesoekte personeellede opgerig. Die Johannesburgse Normaalkollege het onder die beheer van dr. E. Mullin gestaan.(3)

Planne is in Desember beraam om grond vir die Normaalkollege aan te koop en die Regering het vir 3 akkers op die kruin van 'n heuwel plus 4 akkers gelykgrond ten suide van die kruin onderhandel.(4) Die grond sou vir £9,000 gekoop word.(5)

Vroeg in 1903 is dr. Mullin oorlede en met die werk van die Johannesburgse Normaalkollege is onder toesig van die hoof van die Pretoriase Normaalkollege

aangegaan/

---

(1) a. Report of the Director of Education 1900-1904, 26.
b. Report of the Transvaal Education Department, 1903. 52 - 53.

(2) Transvaal Administration Reports for 1902: Education Department.

(3) a. Report of the T.E.D. 1903, 52 - 53.
b. Vogel: Education during the Milner Regime, 68.

(4) Executive Council: Minutes, 2 - 3 Desember 1902, par. 702, 162.

(5) Executive Council: Minutes, 21 - 22 Januarie 1903, par. 22, 9.

aangegaan, wat die stad eenkeer per week vir die doel besoek het.(1) Die werk was blykbaar nie na die bevrediging van die Onderwysdepartement nie, sodat daar besluit is om die twee Normaalkolleges een te maak.(2) Op 19 Maart 1903 is die Johannesburgse studente na Pretoria oorgeplaas, wat die tuiste van die Transvaalse Normaalkollege geword het.(3)

5. Christelik-Nasionale Onderwys in Johannesburg.

(a) Algemeen.

Na die uitbroek van die oorlog was die onderwys een van die eerste groot staatsdepartemente wat die invloed van die stryd gevoel het.(4) Onderwysers het hul skole gesluit en regeringswerk of krygsdiens verrig. 'n Paar skole soos die van Spes Bona en die Fordsburg Publieke Skool is aan die lewe gehou tot die oorname van Johannesburg deur die Britse magte. Na die oorname deur die militêre goewerneur is die landstaal na Engels verander, en onderwys van staatswee sou net deur die taal geskied. Onderwysers in Pretoria het ondersteuning van die Nederlandse Bystandfonds ontvang.(5) 'n Kommissie, bekend as die „Vriendenkring", is gestig om inligting te verskaf omtrent die omstandighede waarin die Hollandse onderwysers en hul betrekkinge in Transvaal verkeer, en die verlening van steun in gevalle waar dit nodig was.(6) Onderwysers in

Johannesburg/

---

(1) a. Report of the Transvaal Education Department 1903, 52 - 53.
b. Transvaal Administration Reports for 1902, Education Department.
c. Vogel: Education during the Milner Regime, 68.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) Wonderdade van God, 293.

(5) Vaandrager: De Oorsprong van de Commissie voor C.N.O. „Vriendenkring" (V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek), 143 - 7.

(6) Ibid.

Johannesburg het nie ten volle met die nuwe kommissie saamgestem nie, en het nie met hul kollegas in Pretoria saamgewerk nie.(1) Die „Vriendenkring" het daarin geslaag om fondse van Nederland te verkry en sodoende is onderwysers gehelp om hul skole aan die gang te hou.(2) Na die oorlog verby is en meer Engelse skole gestig is, het die strydkreet gekom van die heer Emous: „Indien het Afrikaansche Volk de taal zou prijsgeven, zoo ware het ondergegaan en verzwolgen en daarom wie tans iets voelt voor de zaak der Hollandsche Afrikaners, late niet na het Nationaal Onderwijs in de eigen taal met alle krachten te bevorderen. De weg daartoe is reeds gebaand."(3) Met die groei van die werk, toe opposisieskole gestig is om Christelike Nasionale opvoeding te verskaf, is 'n groter raad in die lewe geroep, bestaande uit Afrikaners en Hollanders, bekend as die „Algemene Commissie tot behartiging van 't Christelik Nationaal Schoolonderwijs."(4) Die kommissie het uit ds. P. Postma, M.E. de Wildt, dr. H. Reinink en gen. J.C. Smuts bestaan. Die kommissie het geldelike ondersteuning aan skole verleen. Met die voltooiing van die werk van die „Vriendenkring" is die liggaam afgesluit en die algemene kommissie is in die begin van 1903 herdoop as die „Hoofdkommissie voor Christelik Nationaal Onderwijs."

Die redes vir die ontstaan vir die beweging was eerstens die restriksies wat deur die Onderwysdepartement op die gebruik van Hollands as die medium van onderrig

geplaas/

---

(1) Vaandrager: De Oorsprong van de Commissie voor C.N.O. „Vriendenkring" (V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek), 143 - 7.

(2) Ibid.

(3) Ibid., 147.

(4) Ibid., 149.

geplaas is.(1) Tweedens het die Hollandssprekende bevolking geëis dat die skoolkommissie hulle eie onderwysers moes aanstel met die goedkeuring van die Onderwysdepartement.(2)

Die kerk het nie stilgesit nie, want een van sy aktiefste tydperke, wat die onderwyssaak betref, was die samewerking met die Hoofkommissie vir C.N.O.(3) Voor die byeenkoms van die eerste algemene vergadering van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, het individuele kerkrade wat verskil het met sukses die tradisionele onderwysbeleid probeer handhaaf, soos uit die godsdiensverslae blyk. Daar is C.N.O. skole in Jeppestown, Fordsburg, Johannesburg-oos en Turffontein opgerig.

'n Volkskongres oor onderwys is in Desember 1905 gehou en is op inisiatief van „Het Volk" opgeroep. Alle dele van die Afrikanervolk was daarop verteenwoordig. Daar is besluit dat: „Aangezien uit alle onderhandelingen met de Regeering over de onderwijskwestie gedurende de laatste jaren en tot nu toe, het gebleken is dat de rechten van ons volk niet erkend worden, maar integendeel ons ontnomen wordt, dat waarop wij rechtmatig aanspraak kunnen maken, zoo besluit het Congres met de volksopvoeding volgens C.N.O. voort te gaan."(4) Verder is besluite geneem om soveel moontlik propaganda te maak, om C.N.O. as deel van „Het Volk" te organiseer.(5) 'n Tweede kongres

is/

---

(1) a. Warre Cornish: Progress of Education in the Transvaal since the War.
b. Malherbe: Education in South Africa, 321.

(2) Ibid.

(3) Wonderdade van God, 295.

(4) a. Ibid., 300.
b. Visscher: Het C.N.O. van 1903 tot 1907 (V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek), 153.

(5) Ibid.

is in Maart 1906 belê, toe die statute van die vereniging vir C.N.O. in die Transvaal goedgekeur is. Die regte van die ouers is opnuut benadruk, sowel as die plig van die Regering om steun aan die skole te verskaf. Die onderwyswet No. 7, van 1903 is nogmaals afgekeur.(1)

Die beleid van die nuwe Regering was om die jong seuns en dogters deur middel van Engels op te voed, en net vyf uur weekliks is vir Hollands as taal toegelaat, met Bybelgeskiedenis inbegrepe. Geen skoolkommissies het bestaan nie en hierteen het die stryd begin.

(b) Jeppestown Opvoedingsinstituut.

Voor die uitbreek van die oorlog het daar 'n gesubsidieerde skool in die gemeente bestaan, 'n skool wat egter met die uitbreek van die vyandelikhede 'n paar maande lank gesluit moes word, maar daarna weer geopen is en tot die besetting van Johannesburg deur die Britse troepe oopgebly het.

Kort nadat die beset van die stad deur die Britse troepe beëindig is, is andermaal 'n skool geopen wat deur sowat 120 kinders besoek is, dog op las van die outoriteite moes ook hierdie skool gesluit word.(2) In dié toestand het die jeug van die Goudstad verkeer. Die kerkraad het gevoel dat iets gedoen moes word en gou ook, anders sou al die kinders van Hollandssprekendes óf na die Engelse staatskole óf na die privaatskole gaan.(3)

Op 18 Januarie het 'n vergadering van belangstel-

lendes/

---

(1) a. Wonderdade van God, 300.
b. Visscher: Het C.N.O. van 1903 tot 1907 (V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek), 153.

(2) a. Godsdiensverslag van den gemeente Jeppestown 1889 - 1902. Gedateer 19 Januarie 1903.
b. Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 497 - 8.

(3) Smit: Ibid., 498.

lendes in Christelike Hollandse Onderwys in Jeppestown die wenslikheid uitgespreek dat daar in Jeppestown „een Christelijke School opgericht worde die het nationaal karakter van ons volk zal blijven behouden."(1)

Nog voor die Ring van Potchefstroom, wat in Langlaagte byeengekom het, die kerkrade binne sy kring aangeraai het, het die kerkraad van Jeppestown 'n „Opvoedings en Onderwyskommissie" in die lewe geroep.(2) Die kommissie is gemagtig om handelend op te tree. Daar is in Maart besluit om 'n saal langs die kerk te bou, wat geskik sou wees vir 'n dagskool. Die oprigting van die gebou is in die hande van die Bou- en Onderwyskommissie van die kerkraad gelaat. 'n Paar maande later is 'n tender aangeneem en teen Junie is twee kaste boeke van vriende uit Holland vir die skool ontvang. In Augustus het die skoolgebou sy voltooiing genader wat, meubels inkluis, £2,000 sou kos. Die Onderwyskommissie is reeds van die ondersteuning van die kerkraad en die Hoofkommissie vir C.N.O. van Pretoria verseker.(3) Die heer P.M. van der Lingen is as hoof aangestel, deur 'n mej. Van der Spuy bygestaan.(4)

Die skool is op 1 Oktober 1903 met 86 leerlinge geopen, 'n getal wat binne enkele weke tot 110 gestyg het, sodat die hoof deur drie hulponderwysers bygestaan is.(5) Die eerste lessenaars van die skool het uit agt tafels bestaan, wat op rekening van die kerkraad vervaardig en in

gebruik/

---

(1) Aangehaal deur Van der Lingen: Die C.N.O. - Stryd. (Aanhangsel tot Smit: Ons Kerk in die Goudstad), 483.

(2) Smit: Ibid., 498.

(3) Ibid.

(4) Ibid.

(5) Ibid.

gebruik geneem is, tot tyd en wyl die skoolbanke uit Amerika sou opdaag.(1)

Die skool is ook met geldelike sorge belas. 'n Maandelikse subsidie is van die Hoofkommissie van C.N.O. ontvang wat onder meer 'n bedrag van £10.0.0 vir getroude en £5.0.0 per maand vir ongetroude onderwysers ingesluit het.(2) Die skoolgeld van die skool was soos volg:

Substanderds en St. I.....	15/-	per kwartaal
St. II en St. III.....	22/6	" "
St. IV en St. V.....	30/-	" "
Skoolhoër.....	60/-	" "
Matriek.....	75/-	" "
Musiekgeld.....	30/-	" "
Skilderkuns.....	40/-	" "

(3)

Die skool was die enigste C.N.O. skool aan die Witwatersrand wat ook 'n middelbare en sekondêre afdeling gehad het.(4) Kinders het van heinde en ver gekom sodat daar binne 'n jaar na die opening 140 leerlinge ingeskryf was.(5) Aan die end van 1904 was daar 160 en tekens het daarop gewys dat die skool verder sal uitbrei. Die skool het sy hoogtepunt in 1905 bereik sodat die skool nie meer ruim genoeg vir die 170 leerlinge was nie, en die skoolkommissies derhalwe by die kerkraad om meer ruimte en meubels moes gaan aanklop. Die konsistorie is afgestaan en as die ruimte dan nog nie voldoende was nie, sou die kerkraad die middelste gedeelte van die kerkgebou laat gebruik. Die skoolhoof het die konsistorie te beknop gevind, en dus moes die twee hoëre klasse van die skool maar na die kerkgebou gaan.

Die/

---

(1) Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 498.

(2) Van der Lingen: Die C.N.O. - Stryd. (Aanhangsel tot Smit: Ons Kerk in die Goudstad), 484.

(3) Ibid.

(4) Smit: Ibid., 499.

(5) Ibid.

Die finansies van die skool het die skoolkommissie en kerkraad hoofbrekens besorg. Vroeg in 1904 het die Hoofkommissie vir C.N.O. sy toelaag per kind begin verminder, sodat die finansies reeds vanaf Desember 1903 begin kwel het.(1) Nou reeds is die hoop gekoester dat „met behoud van de beginsels", die Regering bereid sou wees om finansiële steun aan hierdie C.N.O. skool te gee.(2) Die hoop is egter verydel.(3) Teen April 1904 het die skool noustrop getrek, want die Hoofkommissie het net toelaes aan die behoeftige leerlinge gegee. Ook het ouers met die betaling van skoolgeld agter geraak, sodat die skool die jaar 1904 met 'n verlies van £125 geëindig het.(4) Toestande het vererger sodat maandeliks nie eers genoeg geld ontvang is om die salarisse van die onderwysers te betaal nie en die kerkraad het van tyd tot tyd geld voorgeskiet, opdat die personeel nie verder skade sou ly nie.(5) Deur groot basaars vir die skoolfonds te organiseer, is die gemeente ook ingespan om die skool staande te hou. Die basaar van April 1904 het £340 ter stawing van die skoolfonds byeengebring. Die geldmiddele was nog ontoereikend en aan die end van die jaar moes die kerkraad weer voorskiet.(6) Intussen het die aantal leerlinge verder gestyg sodat 'n sesde leerkrag aangestel en in September 1905 weer by die kerkraad aangeklop moes word. Die verslag van die kerkraad vir die jaar 1905 som die toestand soos volg op: „Wat onderwijs betreft mogen wij met dankbaarheid vermelden

dat/

---

(1) Visscher: Het C.N.O. van 1903 tot 1907 (V.V.O.O.Z.A Gedenkboek), 154.

(2) Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 499.

(3) Malherbe: Education in South Africa, 323.

(4) Smit: Ibid., 501.

(5) Ibid.

(6) Ibid.

dat onze Kerkschool te Jeppestown nog staat hoewel wij met groote geldelijke moeilijkheden te kampen hebben, zoodat wij in het laatste jaar over £600 by de school inkomsten moesten voegen om de uitgaven te dekken. Er zijn ses onderwijzers en onderwijzeressen benevens een muziek onderwijzeres en een kweekeling werkzaam in de school d.w.z. er worden over 200 kinderen onderwezen."(1)

Toe die kassier in Julie 1906 vir die soveelste maal rapporteer dat hy 'n groterige bedrag (£144) vir die vereffening van die onderwysers se salarisse aan die skoolkommissie moes voorskiet, het die kerkraad begin weier.(2) Nou is die moontlikheid oorweeg van met die Regering te onderhandel ten einde subsidies te bekom of om die skool aan die Regering te oorhandig.(3) Die skoolkommissie, hiertoe gemagtig, het met die plaaslike inspekteur, F. Handel Thompson, onderhandel sodat 'n ooreenkoms getref is waarvolgens die skool deur die Onderwysdepartement van 1 Oktober 1906 oorgeneem sou word.(4) Drie jaar na sy ontstaan het hierdie C.N.O. skool 'n onsektariese staatskool geword.

In sy onderhandelings met die deputasie van die Opvoedingsinstituut meld Thompson dat die skool in 'n goeie gebou is wat 170 leerlinge van alle standerds huisves. Vyftien van die leerlinge is in die hoogste klas, waar hulle hulle vir die skoolhoër- en matrikulasieeksamens,voorberei. Die komitee van die skool het die wens uitgespreek dat die skool verander word in 'n gratis

laerskool/

---

(1) Godsdiensverslag van den toestand der Ned. Herv. of Geref. Gemeente, Jeppestown over het jaar 1905.

(2) Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 501.

(3) Ibid.

(4) Ibid.

laerskool tot standerd VI met 'n sekondêre afdeling, waarvoor skoolgelde bepaal sou word. As 'n voorwaarde vir die oorname van die skool, versoek die kommissie dat skole Judith's Paarl en Jeppe begin moes word.(1) Die deputasie het op 21 Augustus verder gevra dat die ooreenkoms waarvolgens die skool aangeneem word van die begin van die derde kwartaal van krag sou wees. Huur van £15.0.0 per maand vir die gebou word gevra, terwyl die skoolmeubels teen waardering deur die Onderwysdepartement aangeneem moet word. Die hoof sou 'n salaris van nie minder as £400 per jaar ontvang nie en die huidige skoolkomitee sou beheer oor die skool tot Desember 1906 uitoefen. Enige leerling bo standerd VII moes in die skool bly om sy opvoeding aldaar te voltooi, indien sy ouers dit verlang. Ander leerlinge kon na ander staats-hoërskole oorgeplaas word. Skoolgelde kon bly soos op die oomblik in werking of soos die Direkteur van Onderwys verlang.(2) Die Direkteur van Onderwys het nie met die versoeke van die deputasie akkoord gegaan nie. Hy het gemeld dat die skool vanaf 9 Oktober 1906 oorgeneem sou word. Die huurgelde sou deur die Publieke Werke Departement betaal word. Die Onderwysdepartement is bereid om die meubels oor te neem. Die hoof sou £360 per jaar asook 'n huistoelae ontvang. Die komitee moes met die oorname aftree. Alle leerlinge bo standerd VII sou na die „Jeppe High School" oorgeplaas word en die skool sou dus 'n vry of niebetalende skool vanaf die datum van oorname word.(3)

(c) C.N.O./

---

(1) E 150, Inspector, Johannesburg - Director of Education, 26 Julie 1906.

(2) E 150, 634/66, Inspector, Johannesburg - Director of Education, 21 Augustus 1906.

(3) E 150, 634/66, Director of Education - Inspector of Schools, Johannesburg, 7 September 1906.

(c) C.N.O. Skool op Fordsburg.

Die Fordsburgse gemeente van die Ned. Herv. of Geref. Kerk het gevoel dat hulle vir hul kinders 'n skool moes stig. Die godsdiensverslag vir die oorlogtydperk gee duidelik weer wat die gemeente op onderwysgebied verrig het: „Op 't gebied der opvoeding staat de Kerkeraad voor een ontzaglijken muur. Hij meent iets te moeten doèn en weet nie wat. 't Is een onzer lichaam gelukt met veel zelf opoffering en toegewijdheid eene school aan den gang te houden met over de 260 kinderen. Hoe dit werk niet te laten ophouden is ons niet duidelijk, en hoe eene school aan den gang te houden die minstens £1,200 per jaar aan lopende uitgaven alleen bedragen zal, is even onduidelijk. En dan komt er bij, dat er gebouwd zal moeten worden, zou wij het werk aan den gang houden willen. Dat er een stap gedaan moeten worden zoo wij het werk aan den gang houden willen. Dat een stap gedaan moet worden lijdt geen twijfel."(1) Daar is gevoel dat hulle hulle nie aan die nuwe onderwysbeleid kon onderwerp nie. Die godsdiensverslag het die vraag gestel: Hoe kan 'n ouer wat voor die gemeente van God belowe het om sy kind op te voed, alle reg ontsê word om te besluit wie die karakter van sy kind moet vorm? Baie ouers het die saak nie verstaan nie en dus maar hul kinders uit hul hand laat gaan. Of die godsdienstige beginsels van hul voorouers, waarvoor goed en bloed opgeoffer is, ondermyn word; of die taal van hul kerk en volk opsy geskuiwe word; of die wonderlike geskiedenis van ons volk vermink en belaglik voorgestel word, dit alles skyn hulle nie te hinder nie.(2)

Die/

---

(1) a. Verslag van den Staat van den Godsdiens der Gemeente, Fordsburg 1889 - 1902.
b. Smit: Ons Kerk in die Goudstad,, 491 - 2.

(2) Verslag van den Staat van den Godsdiens der Gemeente, Fordsburg, 1889 - 1902.

Die Fordsburgse Publieke Skool is as 'n private skool in September 1900 deur L. Meyer, die voormalige hoof onder die Republiek, heropen.(1) Die skool het staande gebly en is na die oorlog in 'n C.N.O. skool omgeskep.(2) Die kerkraad het oorgegaan om 'n ruim skoolgebou tot die beskikking van die skool te stel vir ruim 300 leerlinge wat nou met die steun van die Hoofkommissie vir C.N.O. 'n deeglike Christelik-Nasionale opvoeding sou ontvang.(3) Die gemeente het 'n doeltreffende gebou beskikbaar gestel, waarin die 300 leerlinge deur agt onderwysers onderrig kon word.(4)

Die hoeksteenlegging het op 26 September 1903 plaasgevind en in sy toespraak het genl. Louis Botha gewys dat die dryfkrag agter die stigting van „vry skole" nie teenkanting of onbuigsaamheid is nie, maar die groot verantwoordelikheid van die ouers om vir die opvoeding en onderwys van hul kinders te sorg. Ons ideaal, het hy gesê, is 'n onderwys in die gees van die ouers, deur onderwysers deur verteenwoordigers van die ouers gekies.(5) Die skool het toe die naam Goedehoop gekry.(6) In 1907 het die skool 'n regeringskool geword toe die C.N.O. skole deur die staat oorgeneem is. L. Meyer het as hoof aangebly.(7) Die skool het ook gedurende 1905 geldelike moeilikhede/

---

(1) Van der Walt; Die Geskiedenis van die Goedehoopskool.

(2) a. Ibid.
b. Verslag van den Staat van den Godsdiens in de Gemeente, Fordsburg, 1903.

(3) Verslag van den Staat van den Godsdiens in de Gemeente, Fordsburg, 1903.

(4) Verslag van den Toestand der Gemeente, Fordsburg, 1904.

(5) De Vereeniging, 7 Oktober 1903.

(6) Van der Walt: Ibid.

(7) Ibid.

likhede ondervind want die kerkraad moes £154.15.1 vir die skool in die vorige jaar voorskiet.(1)

(d) C.N.O. Skool van Johannesburg.

Die nuwe Regering het die geboue en meubels wat hulle vir skole kon gebruik, vir hulself toegeëien, sodat die hele vraagstuk van openbare opvoeding uit die hande van die kerk en die ouers geneem is. Uit gebrek aan privaat skole waar Hollands onderrig word, was die ouers verplig om óf hulle kinders alle skoolgaan te ontsê, óf hulle na die verowerde en tans verengelste skole te stuur. Sommige ouers het egter van die Duitse en Rooms-Katolieke skole gebruik gemaak, geen van beide wat onder die beheer van die Onderwysdepartement was nie. Die kerkraad van die gemeente Johannesburg-Oos het hulle, wat die skoolgaan van kinders van die gemeente betref, onsydig gehou, totdat opdrag van die Ring verkry is om met die nuwe Onderwysdepartement saam te werk of self 'n eie kerkskool op te rig.(2) Terwyl hulle op die opdrag van die Ring gewag het, het hulle planne beraam. In Junie 1902 is 'n kommissie benoem, bestaande uit Louw Geldenhuys en O.J.J. van Wyk om inligting in te win wat tot die stigting van 'n skool in die gemeente kon dien.(3) Toe die Ring, wat in Maart sy sitting in Langlaagte gehou het, die kerkrade aanraai om intussen private skole te stig, het die kerkraad van Johannesburg-Oos 'n spesiale vergadering in April 1903 belê, om die doel te verwesenlik. Op die vergadering is voorgestel dat aangesien daar geen bevredigende voorsiening vir die onderwys van die kinders van die gemeente

bestaan/

---

(1) Verslag van den toestand der Gemeente, Fordsburg, 1905.

(2) Verslag van den Staat van Godsdiens van Johannesburg-Oos 1889 - 1902.

(3) Kerkraadsnotule aangehaal deur Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 494.

bestaan nie, die kerkraad dit noodsaaklik ag om onmiddellik tot die oprigting van 'n gemeenteskool oor te gaan.(1) Daar is besluit om 'n skool op die terrein te bou wat vir die bou van 'n kerk in Holstraat tussen Wolmarans- en Smitstrate aangekoop is en dat vir die doel 'n genoegsame som teen 6% rente uit die kerkboufonds van die gemeente geleen sou word.(2) Die besluite is voor 'n gemeentevergadering gelê, waar besluit is om tot die stigting van so 'n kerkskool oor te gaan. Ds. P.G.J. Meiring het, saam met 'n boukommissie, besluit om planne vir 'n skool vir uiters 200 leerlinge te laat teken.(3) Tot tyd en wyl 'n skoolkommissie gekies kon word, is alle sake in verband met die stigting van die skool insluitende die aanstelling van onderwysers, in die hande van die kerkraad gelaat. Na die opening van die skool sou 'n kommissie gekies word.(4) Voor die einde van die jaar is 'n tender vir die gebou vir £2,590 aangeneem en drie onderwysers, F.P. Cillie B.A., J. Boshoff en mej. De Villiers is aangestel. Laasgenoemde sou die kleuterafdeling behartig, terwyl Cillie as hoof sou optree. Cillie, wat dosent in die Hollandse taal was, sou eers in April 1904 diens aanvaar, maar om een of ander rede het hy nooit opgedaag nie, en die heer Ellenberger is later as hoof aangestel.

Teen Desember 1903 het die skoolgebou, wat £3,000 sou kos (meubels inkluis) voltooiing genader. Dit sou egter eers in April 1904 ingewy word, want daar is op die koms van Cillie gewag. Toe Boshoff en mej. De Villiers

opdaag,/

---

(1) Kerkraadsnotule, April 1903 aangehaal deur Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 494.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) Ibid., 495.

opdaag, is die skool op 9 April 1904 ingewy. Ds. Meiring, wat die plegtigheid self waargeneem het, het die standpunt van die kerk uiteengesit. Hy het gesê die kerk onderstreep die beginsels van die ouerlike reg om die onderwysers aan te stel, asook die eerbieding van die landstaal. Die kerk eis dat die skool 'n godsdienstige en nasionale inrigting moes wees, 'n plek waar ideale en vaderlandsliefde gekweek kon word.(1) Die skool is op 11 April in gebruik geneem.(2) Die bestuur van die skool het uit vier kerkraadslede bestaan en nog drie ander deur die ouers benoem.(3) Die kerkraad het self 'n vaste bedrag van £25.0.0 per maand tot die onderhoud van die skool gewaarborg, alhoewel die skool nie as 'n kerkskool beskou is nie. Die skool is beskryf as die „Irene-skool in verband met onze gemeente."(4)

Teen November 1905 het die heer Dönges hoof van die skool geword. Maar soos die ander C.N.O. skole het die skoolbestuur gesukkel om die nodige fondse te kry om die skool aan die gang te hou.(5) Van tyd tot tyd is spesiale kollektes deur die kerkraad vir die ondersteuning van die skool afgestaan.

In 1906 is daar pogings aangewend deur die „Het Volk" party om weer selfregering vir die Transvaal te verkry en as gevolg van hul agitasie is daar in 1906 selfbestuur aan die vroeëre kroonkolonie toegestaan.(6)

Generaal/

---

(1) De Vereeniging, 20 April 1904.

(2) a. Ibid.
b. Verslag van den toestand der Ned. Herv. of Geref. Gemeente, Johannesburg-Oost, 1904.

(3) Verslag van den toestand der Ned. Herv. of Geref. Gemeente, Johannesburg-Oost, 1903.

(4) Verslag van den toestand der Ned. Herv. of Geref. Gemeente, Johannesburg-Oost, 1904.

(5) Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 496.

(6) Star, 6 Maart 1907.

Generaal J.C. Smuts het minister van Onderwys geword en met sy onderwyswet van 1907 is die een C.N.O. skool na die ander deur die staat oorgeneem. Die geldelike las van die Irene-skool het te groot vir die kerk en skoolkommissie geword, sodat in Maart 1907 'n brief deur die skoolkommissie aan die kerkraad gerig is waarin die onbevredigende toestand van die skool se finansies in oorweging geneem en voorts op die beleid van die nuwe Regering gelet is. Die skoolkommissie is van die sienswyse dat die kerkraad met die Regering oor die moontlike oorname van die skool moes onderhandel.(1)

Die skoolkommissie, ondersteun deur die kerkraad, het voorlopige onderhandelings met die owerheid aangeknoop, terwyl 'n gemeentevergadering belê is om hul toestemming vir die oorhandiging van die skool aan die Regering te verkry.(2) Die onderhandelings was suksesvol en die skool is deur die Onderwysdepartement oorgeneem, terwyl die gebou van die kerk gehuur sou word. Die skool is as 'n publieke skool voortgesit met dieselfde personeel en leerlinge maar volgens die staatsbeleid.(3)

(e) Die C.N.O. Skool op Turffontein.

Turffontein was deel van die gemeente Jeppestown.(4) Wanneer die skool in die buitewyke van Turffontein gestig is, is onbekend, maar sy bestaan is in die godsdiensverslag van die gemeente in 1903 bevestig. Ons vermoed dat die skool die voortsetting van die ou Turffonteinse staatsondersteunde skool moet wees. 'n Berig in „De Vereeniging" van 26 Augustus 1903 meld dat die skool met sy 59 leerlinge,

deur/

---

(1) Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 497.

(2) Ibid.

(3) Ibid.

(4) Ibid., 502.

deur twee onderwyseresse onderrig, feitlik dwarsdeur die oorlog onbelemmerd met sy werksaamhede voortgegaan het. Na die oorlog is ook hierdie inrigting deur die kerkraad van Jeppestown in 'n kerk- of C.N.O. skool omgeskep. Terwyl die meerderheid van die ouers van Turffontein baie behoeftig was, is die finansiële steun waardeer, wat van die C.N.O.- kommissie, die kerkraad en die sustersvereniging ontvang is.(1)

Terwyl die Opvoedingsinstituut uitgebrei het, het die skool na sy verandering in 'n C.N.O. skool stadig agteruit gegaan en daar kon beswaarlik leerkragte bekom word. Die leerlingtal van 60 het binne 'n paar maande tot 13 gedaal.(2) Die kerkraad was bekommerd daaroor en het aan die Ring sy bekommernis bekend gemaak: „De Kerkeraad moet het nogtans betreuren dat sommige ouders het maar niet willen inzien dat het noodzakelijk is hunne kinderen in onze scholen te plaatsen, maar maken liever gebruik van de naaste school zonder te vragen wat daar aan de kinderen als onderwijs meegedeeld wordt."(3) Die afname was dus blykbaar aan die oorgang na die vry laerskole van die Regering te wyte. As gevolg van die voortdurende agteruitgang van hierdie skool, het die kerkraad in November 1904 'n kommissie aangestel om uit te vind waarom die skool in so 'n kwynende toestand verkeer.(4) Die kommissie moes ongelukkig later onverrigtersake van Turffontein terugkeer, omdat niemand van die belanghebbendes op Turffontein op die vergadering verskyn het nie.(5)

Hieruit/

---

(1) Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 502.

(2) Ibid.

(3) Verslag van den Staat van Godsdiens der Ned. Herv. of Geref. Gemeente, Jeppestown, 1903.

(4) Smit: Ibid.

(5) Kerkraadsnotule Desember 1904, aangehaal deur Smit, 502.

Hieruit blyk dat die ouers nie meer in hul eie skool belang gestel het nie, en die kerkraad het die Turffontеinse skool verwittig dat na afloop van die eerste kwartaal, 1905, geen verdere geldelike ondersteuning aan die skool uit die kerkkas afgestaan sou word nie.(1) Die het tot die sluiting van die skool gelei, wat aan die einde van Januarie 1905 plaasgevind het.(2) So het die skool ook tot 'n einde geloop maar nie die C.N.O. ideaal nie. 'n Tiental jare later is Afrikaansmedium of liewers skole met Hollands as voertaal gestig, waar die moedertaal tot sy reg gekom het.

(f) Die Onderwyswet van 1907.

Met die verandering van regering in Engeland het die Liberale Party met Campbell Bannerman as Eerste Minister in beheer gekom. Die nuwe Regering het planne beraam om Transvaal verantwoordelike bestuur te gee.(3) Selfbestuur is aan Transvaal op 6 Desember 1906 toegestaan en vroeg in 1907 is die eerste verkiesing gehou. Tot koloniale sekretaris van Onderwys is benoem genl. J.C. Smuts, wat oorgegaan het om 'n nuwe onderwyswet op te stel.(4) Lord Selborne, die opvolger van Milner, het eerstehandse kennis van onderwystoestande in die Transvaal opgedoen en het na 'n reis deur die land 'n memorandum in verband met die beheer van onderwys opgestel. Die memorandum het die kern van die moeilikhede op onderwysgebied onder die soeklig geplaas, nl. die keuse van die onderwyser deur die skoolkommissie en die moedertaalvraagstuk.(5)

Hy/

---

(1) Kerkraadsnotule Desember 1904, aangehaal deur Smit: Ons Kerk in die Goudstad, 502.

(2) Verslag van den Toestand der Ned. Herv. of Geref. Gemeente, Jeppestown over het jaar 1905.

(3) Walker: A History of South Africa, 518 - 519.

(4) Ibid.

(5) Malherbe: Education in South Africa, 325 - 326.

Hy het aanbeveel dat 'n komitee, bestaande uit lede, deur die ouers en voogde vir elke skool gekies, in die lewe geroep moes word, terwyl 'n adviserende skoolraad vir die groter distrikte aangestel moes word om as 'n skakel tussen die Onderwysdepartement en die skoolkommissie te dien.(1) Die skoolkommissies het die reg gekry om hul eie onderwysers aan te stel, terwyl moedertaalonderwys die medium sou wees vir die onderrig van die kind.(2) Twee van die vernaamste griewe van die C.N.O.-beweging teen die staatskole is uit die weg geruim. Generaal Smuts het die volk 'n onderwyswet belowe wat alles bevat wat in die wet van Sargant as goed beskou is, sowel as die ideale van die C.N.O.- beweging. Sodoende sou hy een nasionale stelsel van onderwys skep uit die C.N.O.- en staatskole wat apart gedryf het.(3) Die Wet. No. 25 van 1907, op 19 Augustus 1907 goedgekeur, het dus 'n einde aan twee aparte stelsels gebring, en voortaan het die Transvaalse Onderwysdepartement alle laer en sekondêre skole, wat nie deur private liggame voortgesit is nie, beheer.

6. Privaatskole in Johannesburg.

(a) Algemeen.

Buiten die staatskole en C.N.O. skole in Johannesburg was daar nog ander skole, wat deur private onderneming of deur kerkgenootskappe gestig is. Ons verwys na die St. Margaret'sskool van die Anglikaanse kerk, Roedean, en andere. Die skole het in Johannesburg ook begin met hul werk en het daarin geslaag om staande te bly. Sommige, soos die Hebreeuse skool, het dit goed-

gevind/

---

(1) Malherbe: Education in South Africa, 326.

(2) Report of the Director of Education, 1905 - 6, 152.

(3) Malherbe: Ibid., 336.

gevind om onder die beheer van die Regering te kom, maar al is die skole hier nie volledig aangetoon nie, kan 'n paar gemeld word om die nuwe groei in onderwys en opvoeding aan te dui, wat op die koms van die vrede gevolg het.

(b) „Jewish School."

Die Hebreeuse skool is in 1896 deur die ou gemeente van die Hebreeuse kerk opgerig en is gehou in 'n drieverdiepinggebou, grensende aan die Parkstasie sinagoge. Die geboue was op 'n stuk grond opgerig wat aan die gemeente deur die Suid-Afrikaanse Republiek afgestaan.(1) Onmiddellik na die oorlog het die skool onder die beheer van die Onderwysdepartement gekom.(2) In April 1902 het die gemeente van die Hebreeuse kerk byeengekom om 'n ooreenkoms op te stel waarvolgens die Onderwysdepartement die bestuur van die skool sou oorneem.(3) Die skool het onder geldelike moeilikhede gely, met die gevolg dat toe die Onderwysdepartement beplan het om vry laer onderwys te verskaf, gevoel is dat die skool nie verder sou kon bestaan nie. Die skool sou 'n Hebreeuse skool in die ware sin van die woord bly. Geen verandering in die Hebreeuse kenmerke is beoog nie. Klousules 9 en 10 van die ooreenkoms wat aan die Onderwysdepartement gestel is, het soos volg gelui: „a) The Johannesburg Hebrew Congregation shall have the building at their disposal after school hours and during school holidays. b) Teachers in the school shall be members of the Jewish faith and competent to teach Hebrew and the Jewish religion, if it is possible to find such teachers."(4) 'n Hoof, A.M. Abrahams, is in Julie

1902/

---

(1) Transvaal Leader, 4 November 1911.

(2) Ibid.

(3) Star, 1 April 1902.

(4) Ibid., Die skool is blykbaar gebruik as 'n schule vir die godsdienstige opleiding van die jeug na skoolure.

1902 aangestel, nadat hy deur die sekretaris vir Kolonies in Londen uit 'n groot aantal applikante gekies is.(1) Daar is verder gemeld dat baie van die leerlinge van die skool uit emigrante uit Rusland bestaan het.(2)

(c) „St. Margaret's School."

Die skool is in Januarie 1901 na die oorgawe van Johannesburg geopen. Eerw. J.T. Darragh het die skool onder die beheer van die „Sisters of St. Margaret" geplaas met die doel om 'n deeglike godsdienstige onderrig aan dogters van die gemeente te verskaf.(3) Die skoolgelde was laag en in baie gevalle is leerlinge vry toegelaat, sodat die ouers wat gely het as gevolg van die oorlog ook hul kinders na die skool kon stuur.(4) Die skool is met twaalf leerlinge begin, maar in 1902 is voorsiening vir 60 gemaak.(5) 'n Nuwe gebou is in Noordstraat vir die skool opgerig, en in 1904 het omtrent 40 leerlinge die skool bygewoon. Ook hier was die klag dat weens die nomadiese aard van die bevolking die getal nuwe leerlinge net die verlies van ou leerlinge aangevul het. Die vroeë ouderdom waarop meisies die skool verlaat het, het verhoed dat die skool groei en het die standaard van die werk verlaag.(6)

Net soos die C.N.O. skole het geldsake die gemeente kommer verskaf, sodat in 1905 die aanbou van kerkskole

van /

---

(1) Transvaal Leader, 4 November 1911.

(2) Ibid.

(3) a. Report of the Diocese of Pretoria 1903, 44.
b. Hamilton: A Transvaal Jubilee, 79. (Vergelyk St. John's vir seuns.)

(4) Report of the Diocese of Pretoria 1903, 44.

(5) Ibid.

(6) Report of the Diocese of Pretoria 1904 - 5, 94.

van nader beskou is en die vraag gestel is of dit wenslik is om aan te hou met die private kerkskool wat nie van self staande kon bly nie. Daar is gevind dat na die oorlog 'n tydperk van wisseling te bespeur is. Kerkskole het in die dae van die Republiek waardevolle werk verrig, maar het toelaes van die staat ontvang. Die nuwe owerheid het hulle alle steun ontsê en daar is gevoel dat 'n besluit geneem moes word om óf te sluit óf die kinders van die gemeente te gee wat deur die kerk geglo is, nl. die deeglikste opvoeding. Geen Regeringskool is betalend nie en kos drie tot vier keer soveel om staande te bly.(1) Daar is besluit om aan te hou, maar die kosgangersafdeling is afgeskaf.(2) Die skool het na Noordstraat 86 verhuis, in die sendinghuis van die „Sisters of St. Margaret."(3) Die skool het nou weer begin vooruitgaan sodat dit nodig geag was om 'n aangrensende huis te huur om addisionele klaskamers in die hande te kry. Die geboue, deur „St. John's College" gebruik, sou deur die skool oorgeneem word wanneer laasgenoemde na Houghton verhuis.(4) In 1904 het die skool na die nuwe geboue verhuis, waar hy tans nog sy werk verrig.(5)

(d) „Parktown Preparatory School."

'n Voorbereidende skool is in September 1902 deur A.R. Aspinall vir seuns tussen die ouderdomme 8 en 14 jaar geopen, wat normaalweg Engeland toe vir hul onderrig gesteun sou word. Die skool sou leerlinge vir toelating tot die Engelse publieke skole voorberei.(6) Die grond

is/

---

(1) Report of the Diocese of Pretoria 1905 - 6, 54.
(2) Ibid., 74.
(3) Ibid.
(4) Ibid.
(5) Hamilton: A Transvaal Jubilee, 79.
(6) Star, 22 September 1902.

is aan die skool deur die „Braamfontein Company" geskenk, deur bemiddeling van Percy Fitzpatrick. Aspinall meld dat toe hy Johannesburg toe gekom het, daar geen fasiliteite was waar seuns individuele aandag kon geniet nie, en daarom het hy die skool geopen.(1) Die skool het voortbestaan.

(e) „St. Andrew's Girls School."

In Januarie 1902 het mejj. Fletcher en Johnston 'n kos- en dagskool vir kleuters asook vir jong dogters geopen, volgens die leerplan van die Onderwysdepartement. Die skool is in twee huise in Kotzestraat naby die fort gestig.(2) Planne is beraam om grond in die hande te kry sodat 'n goeie skool van waarde vir Johannesburg sy deel tot die opvoedkundige werk van die stad kon bydra.

(f) Roedean.

Ook in 1902 het mejj. Lawrence en Earle, wat onderrig in Brighton in die Roedeanskool gegee het, 'n tak van die skool in Johannesburg gestig.(3) Die skool het vooruitgegaan. Na 'n bestaan van 'n bietjie meer as 'n jaar is die hoeksteen van die nuwe gebou in die Prince of Walesterras, Parktown gelê.(4) Hier het Sargant, wat die plegtigheid bygewoon het, gesê dat die hoofdoel van die skool is om die beste van die opvoedkundige inrigtings in Brittanje ook hier wortel te laat skiet en so die beste opvoeding ook hier te verskaf.(5)

(g) Marist/

---

(1) Star, 22 September 1902.

(2) a. Star, 18 Desember 1902.
b. Cape Times, 31 Augustus 1937.

(3) a. Star, 22 September 1902.
b. Cape Times, 31 Augustus 1933.

(4) Star, 9 Maart 1904.

(5) Star, 10 Maart 1904.

(g) „Marist Brother's College."

Die kollege wat in 1889 in Kochstraat gestig is, het reg deur die oorlog oopgebly. Die skool het twee funksies tydens die oorlog vervul. Eerstens was dit 'n skool en tweedens 'n hospitaal, wat deur die ambulans beheer word, wat deur die Franse regering verskaf is. Die skool en hospitaal is deur die Rooms-Katolieke broeders gereël. Die broeders het bedags onderrig gegee en die gewondes na skoolure verpleeg.(1) Die skool het weer na die oorlog begin groei sodat 500 leerlinge die skool in 1905 bygewoon het. Die personeel het ook in die jaar tot 25 aangegroei, die meeste waarvan Rooms-Katolieke broeders was.(2) Voorsiening is in die jaar vir 600 leerlinge gemaak, en die geboue het uit slaapsale, klaskamers, kunsvlytkamers en 'n gimnastieksaal bestaan, wat as een van die beste in Suid-Afrika beskou is.(3) Die groei van die skool het die broeders genoodsaak om 'n nuwe skool op te rig, want die oorspronklike skool wat op die grens van Johannesburg gebou is, het homself in die loop van 20 jaar in die middestad bevind. Eers in 1924 is die senior afdeling van die skool in 'n nuwe gebou in Observatory gehuisves.(4)

(h) „Convent of the Holy Family", Parktown.

Die Kloosterskool wat in Endstraat geopen is, het so gegroei dat daar waarskynlik in 1905 besluit is om 'n skool af te stig. Eerw. Moeder Ambrose het 'n kosskool in Parktown laat oprig.(5) Die Kloosterskool het gegroei

en/

---

(1) Star, 31 Augustus 1939.

(2) Johannesburg and Pretoria Guide 1905, 185.

(3) Ibid.

(4) Star, 31 Augustus 1939.

(5) a. Cape Times, 31 Augustus 1933.
b. Johannesburg and Pretoria Guide 1905, 189.

en is vandag een van die min private skole wat sekondêre onderrig verskaf.

7. Nie-blanke Onderwys in Johannesburg.

Voor 1903 was alle naturelle- en nie-blanke onderwys onder die beheer van die sendinggenootskappe en ander private liggame. In April 1903 het die Onderwysdepartement gegewens ingewin omtrent die aantal naturelleskole, onderwysers en leerlinge. Eerw. W.E.C. Clark, inspekteur van naturelle-onderwys, het aanbeveel dat naturelle-onderwys in die hande van die sendinggenootskappe gelaat moes word, maar dat hulle van Regeringsweë toelae moes ontvang volgens die aantal leerlinge wat onderrig word.(1) Daar is ook gevoel dat reëlings getref moes word vir die onderrig van kleurlingekinders.(2) Binne die grense van Johannesburg was daar een skool vir kleurlinge in Ophirton.(3) Daar is gevoel dat 'n skool in Jeppestown vir die kleurlingkinders opgerig moes word. Aan die begin van 1905 was daar vier kleurlingskole in Johannesburg, bv. Burghersdorp met 266 leerlinge; Ophirton met 47; Pollystraat met 228 en Vrededorplokasie met 228 leerlinge.(4) Die eerste geval wat toegekom is waar die Onderwysdepartement moes optree om 'n Asiatiese kind uit 'n blanke skool te verwyder, het in Julie 1902 plaasgevind. Dr. M.A. Pereira se twee kinders is voor die tyd toegelaat om blanke skole vir agt jaar by te woon, maar in Julie 1902 het John Robinson, agerende Superintendent van Staatskole,

reëlings/

---

(1) Symington: Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie periode, 1900 - 1907, 215.

(2) Lt. Gov. 129, 114/7, Memorandum on Education for Coloured people. (Aanhangsel tot brief van Colonial Secretary - Lieutenant-Governor, Junie 1904.)

(3) Ibid.

(4) Report of the Transvaal Education Department 1905, 24.

reëlings getref vir die verwydering van die kinders na 'n kleurlingskool.(1) Pereira het in April 1903 'n petisie aan lord Milner gestuur om sy kinders weer in 'n blanke skool toegelaat te kry, dog sonder sukses.(2) Paragraaf 29 van Wet. No. 25 van 1907 het vasgelê dat geen gekleurde 'n blanke skool kon bywoon nie. Die wet (paragraaf 28) het vir kleurling en nie-blankeskole voorsiening gemaak.(3)

8. Samevatting.

(a) Nuwe Onderwysadministrasie.

Na die oorname van Johannesburg deur die Britse magte is daar planne beraam vir die opvoeding van die jeug. 'n Onderwysdepartement is eers teen die einde van die oorlog in die lewe geroep. Die nuwe Onderwysdepartement het beheer oor alle Regeringskole in die stad uitgeoefen, en het daadwerklik opgetree om skole op te rig. Die klag van die uitlander, dat daar nie voldoende onderwysgeriewe bestaan nie, is nou uitgewis en die „Council of Education" wat hom voor die oorlog beywer het om goeie skole op te rig wat in die eerste plek elementêre onderrig verskaf het, het nou sy aandag op hoër en tegniese onderwys toegespits.

(b) Opvoedkundige Werk na die Oorlog.

Twee tipes laerskole is in Johannesburg opgerig: die gewone vry elementêre skool en die sekondêre skool, wat wel dieselfde werk verrig, maar waar skoolgelde deur leerlinge betaal moes word.

Aandklasse is gereël om die leerlinge wat alreeds

werk/

---

(1) Lt. Gov. 129, 114/17 J. Robinson - M. MacInnes, 23 Julie 1902.

(2) Lt. Gov. 129, 114/17, M.A. Pereira - Sir A. Milner, 3 April 1903.

(3) a. Malherbe: Education in South Africa, 341.
b. Wet.No. 25 van 1907, Hoofstuk V.

werk, hulp te verleen, want daar is besef dat daar baie jong mense was wat weens die oorlog en ander redes nog nie genoegsame opvoeding ontvang het nie.

Die Transvaalse Onderwysdepartement het drie hoërskole in Johannesburg gestig: die „Cleveland High School for Girls" (later bekend as die „Johannesburg High School for Girls"); „Johannesburg High School for Boys" (later bekend as „King Edward VII High School for Boys") en „Jeppestown High School" vir beide seuns en meisies.

Private skole is ook gedurende hierdie jare begin wat tot groot inrigtings gegroei het, soos Roedean, St. Andrew's, en andere.

Die „Council of Education", wat nou sy aandag op hoër onderwys gevestig het, het sy invloed gebruik om bouterreine te verkry en het ook 'n aansienlike som geld tot die bou van goeie hoërskole bygedra. „St. John's College", onder beheer van die Anglikaanse Kerk, het ook hoër onderwyswerk verrig en het spoedig vooruitgegaan.

(c) <u>Die C.N.O. Skole in Johannesburg.</u>

Afrikaners wat hulle nie met die beleid van die nuwe Regering kon vereenselwig nie, het probeer om hul eie skole, self die wat voor die oorlog opgerig is, staande te hou. Die nuwe Onderwysdepartement het geen erkenning aan die huistaal gegee nie, en het ook nie sekere beginsels in aanmerking geneem nie, soos bv. die ouer se seggenskap oor die opvoeding van sy kind. Afrikaanse kerke het die nodige leiding verskaf wat gelei het tot die C.N.O. skole in die stad. Weens geldelike moeilikhede moes hulle vra dat die Onderwysdepartement hulle oorneem, terwyl die Smutswet van 1907 deur die skepping van skoolkommissies en skoolrade die teenstanders van die regeringstelsel

van/

van onderwys hul vernaamtse argument vir die bestaan van C.N.O. skole ontneem.

(d) Nie-blanke Onderwys.

Nie-blanke onderwys wat in die dae van die Republiek nie die minste erkenning geniet het nie, is in die hande van die verskillende sendinggenootskappe gelaat. Met die stigting van die Transvaalse Onderwysdepartement is subsidies aan hulle toegeken om hulle werk voort te sit. Die Smutswet van 1907 het vasgelê dat geen kleurling-kind 'n blanke skool kon bywoon nie, en dat voorsiening vir kleurling- en nie-blanke onderwys gemaak sou word.

------oooOooo------